

Boodskapper

Ampfelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 387 • Desember 2025/Januarie 2026



Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag
van God en die wysheid van God – 1 Korinthiërs 1:23-24

INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

Jesaja 9:5

REDAKSIONEEL

Ds. Schalk Strauss

Gee jousef! 1

AMPTELIK 3

ONTVANG DIE WOORD

Prof. Izak Brink

Kersfees as vreugdevolle verlossingsfees! 4

HOOFARTIKEL

Ds. Carl Vermaak

“Vir ons”: Die hartklop van die evangelie 6

ARTIKELS

Riaan Joubert

Die heerskappy is op sy skouer! 8

Prof. Danny Nel

Wonderbare Raadsman 10

Ds. Lourens du Preez

Jesus is die Sterke God 12

Ds. Lourens Venter

Die Seun as Ewige Vader? 15

Ds. Peet Schutte

Vredevoers 16

Ds. Schalk Strauss

Geloftedag: Herlewing vra goeie grond en diep wortels 18

Josef du Toit

Voortrekkermonument 20

René Roux

Ons roeping is God se genade 22

AKTUEEL

Bestek: Bybelkenniseksamen 13

Gemeentenuus 24

Smeltoond: Amerika plaas noodsaaklike fokus op

Christenvervolging in Afrika 23

IN DIE SPORE VAN GISTER

Dr. Pieter Mulder

Paul Kruger – 200 jaar later 30

VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER

Hannekie Verwoerd

Kan ons Christus se werk ooit ten volle begryp? 31

IN DIE VOLGENDE UITGAWE:

Ons fokus op dissipline –
die noodsaak daarvan vir
effektiewe kinderopvoeding,
asook die belangrikheid om
gedisiplineerd te wees.

VOORBLAD:

’n Grafiese voorstelling van
die engelekoor tydens
die aankondiging van
Christus se geboorte.

REDAKSIE

Eindredakteur

Ds. HSW Strauss

Subredakteur

Mev. C Möller

Redaksielede

Di. RK Combrink,
EC Trollip, A Hough

Advertensies en briewe

Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie
noodwendig met alle uitsprake of
menings hierin opgeneem nie.*

BELANGRIKE TELEFOONNUMMERS EN ADRESSE

**Gemeenskaplike
Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel

Tel.: 012 362 1390

Makoustraat 516,
Monumentpark x2

e-pos: info@apk.co.za

Webblad: www.apk.co.za

**Die Afrikaanse
Protestantse Akademie**

Tel.: 012 344 3960/1/2

e-pos: info@apa.ac.za

Webblad: www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:


BusinessPrint

Bladuitleg:

Die Boodskapper: M Langeveldt
Jeugboodskapper: R Grobler

Uitgeegee deur:


Lig in Duisternis
UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za



Gee jouself!

Ds. Schalk Strauss

In Suid-Afrika is ons baie bekend met “bakhandmentaliteit”. Dit word dikwels kreatief op emosiebelaaide plakate met hartroerende verhale, pleidooie en seënbedes neergepen. Daar is sekerlik uitsonderings, maar oor die algemeen is dit ’n ingesteldheid wat van die veronderstelling uitgaan dat die wêreld my iets skuld. Dit ontvang graag, maar is nie regtig bereid om iets te gee nie.

Die hartseer werklikheid is dat hierdie mentaliteit nie net op straathoeke staan nie, maar dikwels ook in die kerkbanke sit. Hoe baie hoor ’n mens die opmerking: “Ek kry niks by hierdie kerk nie.” Hoewel ’n mens onder sekere omstandighede begrip het vir so ’n opmerking, getuig dit oor die algemeen van ’n verkeerde kerkbegrip. Mense sien dikwels die kerk as ’n instansie wat veronderstel is om hulle behoeftes te dien: Hulle soek goeie preke wat hulle beter oor hulself laat voel; hulle wil oor die erediens voel soos oor ’n goeie kunstenaar se konsert – waarde vir geld; hulle soek beradingsdienste in krisistye – huweliksbevestigings, predikers tydens begrafnisse en maatskaplike dienste op aanvraag. Dit is ’n ingesteldheid wat voortdurend vra: Wat gee die kerk vir my? Wat doen die kerk vir my? Dit beskou Christenskap en kerklidmaatskap as ’n soort ruiltransaksie waar ek verkieslik meer moet uitkry as wat ek insit.

Die boodskap van Kersfees help ons egter om hierdie ingesteldheid met dié herinnering reg te trek: *Dit is saliger om te gee as om te ontvang* (Hand. 20:35b).

Kersfees: God gee Homself

In hierdie uitgawe val die fokus op die profetiese uitspraak in Jesaja 9:5:

Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers ...

Die teologiese rykdom van hierdie uitspraak word deur ons skrywers ontgin deur die ryke betekenis van die spesifieke aspekte van die profesie na die oppervlak te bring.

Een van die aspekte wat Jesaja beklemtoon, is die feit dat die beloofde Kind aan ons “gegee” is.

Die gawe van hierdie Kind lê nie soseer in die feit dat Hy ’n geskenk aan die wêreld is soos ’n eersteling vir ’n jong ouerpaar nie, maar in die feit dat God Homself in hierdie Kind aan ’n in-sonde-gevalle-wêreld gegee het.

Dit is belangrik dat ons sal verstaan wat dit beteken dat Hy Homself só aan ons gegee het. Eerstens het Hy nie iets gegee waarvan Hy te veel gehad het nie. Christus, wat in die gestalte van God was, het Homself “ontledig” deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem (vgl. Filip. 2:6-7). Hy het Homself dus volledig vir ons gegee. Hy doen dit vrywillig omdat Hy ons liefhet (vgl. Joh. 3:16).

In Johannes 10:18 verklaar Christus dat niemand sy lewe by Hom afneem nie, maar Ek lê dit uit Myself af.

Aan die kruis voeg Hy die daad by die woord toe Hy met ’n groot stem uitgeroep en die gees “gegee” het (vgl. Mt. 27:50). Dit is juis aan hierdie onselfsugtige selfoorgawe wat Paulus ons herinner as hy skryf dat Christus Homself as ’n slagoffer tot ’n lieflike geur vir ons “oorgegeef” het (vgl. Efés. 5:2). Sy doel met hierdie selfoorgawe was natuurlik ons redding, maar ten diepste was dit om die eer van God te herstel. Hy gee Homself vir ons oor om ons van alle ongeregtheid te verlos sodat ons vir Hom ’n volk kan wees

– rein en ywerig in goeie werke (vgl. Tit. 2:14).

“Hierdie gesindheid moet in julle wees”

Só moedig Paulus ons in Filippense 2:5 aan. Wie waarlik die grootsheid daarvan beleef dat God Homself aan ons geskenk het, bly nie onaangeraak daardeur nie. Dit is ’n geskenk wat jou nie net aan die hart ruk nie, maar wat die hart uitruk. Dit is ’n geskenk wat nie net die hartsnare roer nie, maar wat ’n nuwe hart inplant wat ’n ander deuntjie sing (vgl. Eség. 36:26). Wanneer dit gebeur, herinner Kersfees ons nie net daaraan om te gee nie, maar dring dit ons om onself te gee.

In dankbare verwondering gee ek myself aan God oor as ’n lewende, heilige en God welgevallige offer (vgl. Rom. 12:1). Dit gaan nie meer oor my nie, want ek verloën myself en is bereid om my kruis op te neem en Hom te volg (vgl. Lk. 9:23-24). Ek leef immers nie meer nie, maar Christus leef nou in my *en wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het* (Gal. 2:20). Hierdie selfoorgawe impliseer ook dat ek myself aan my naaste gee, want hulle wat God liefhet, het ook mekaar lief (vgl. 1 Joh. 4:11). God het hierdie gesindheid van selfoorgawe gebruik om te sorg dat die eerste gelowiges versorg was. Hulle *was een van hart en siel en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie ... niemand onder hulle was behoeftig nie* (Hand. 4:32-35). Hierdie oorgawe behoort volledig en sonder voorbehoud te wees omdat Hy ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19).

’n Tasbare gawe

Toe God Homself in Christus aan ons gegee het, het Hy dit op ’n baie konkrete manier gedoen – die Woord het vlees geword (vgl. Joh. 1:14). Daarom moedig Jakobus ons ook aan om ons liefde en selfoorgawe konkreet te maak en die behoeftiges nie net weg te stuur met die wens dat hulle versorg sal word nie, maar inderdaad in hul behoeftes te voorsien (vgl. Jak. 2:15-16).

Wees betrokke by die kerk van Jesus Christus soos dit tot uitdrukking kom in jou plaaslike gemeente. “Kerk” is nie ’n gebou nie – dit is mense, gelowiges.

Om dus by die kerk diensbaar en betrokke te wees, beteken om aan medegelowiges diensbaar en in mekaar se lewens betrokke te wees. Leer ken mekaar. Deel jou laste sodat ons mekaar daaraan kan help dra.

Gee jou gawes. Lees gerus weer Exodus 35:1-36:7 om iets hiervan te verstaan. Die volk se hart het hulle opgewek. Wie deur die Gees met kunsvaardigheid geseën is, het hul gawes in diens van God gestel. Ander het gegee wat nodig was – so oorfloedig dat hulle later gestop moes word. Daar was geen murmurering nie. Geen klagtes oor die kerk wat “al weer geld wil hê” nie. In Handeling 9:36-39 lees ons van Tabíta se oorfloedige goeie werke en aalmoese. Sy het haar tyd en gawes gebruik om klere vir behoeftige weduwees te maak (vgl. Hand. 9:36-39). Paulus dank ook die gemeente wat hom, ten spyte van hul diepe armoede, met middele vir sy bediening bygestaan het. Hul optrede getuig

van “ryke milddadigheid” wat hulle gedring het om self “bo vermoë” te gee (vgl. 2 Kor. 8:1-5).

Tyd is ’n kosbare kommoditeit waaroor mense deesdae baie jaloers is. Daar is egter min dinge kosbaarder om te gee: tyd met jou geliefdes, tyd saam met die eensames, tyd vir ’n koninkryksprojek, tyd om vir ander te bid en saam met hulle hul laste te dra, tyd om ander te leer en dit wat jy weet ook aan ander toe te vertrou. Saam met tyd, loop die gawe van gasvryheid. Petrus roep ons op tot gasvryheid sonder murmurering (1 Petr. 4:9). ’n Huis wat vir ander oopstaan, is ’n huis waarin daar mildelik gegee word.

Slot

Die boodskap van Kersfees is ’n kragtige teenvoeter vir ’n bakhandmentaliteit. God wat die wêreld so liefgehad het dat Hy sy eniggebore Seun daarvoor gegee het, dring ons deur sy Gees om onself in antwoord op sy liefde aan Hom en ons naaste te gee. Ons gee nie die afvalstukkies van onself, ons tyd of ons gawes, nie. Soos Hy Homself volledig vir ons gegee het, gee ons onself volledig aan Hom. Soos die brandoffer van die Ou Testament wat volledig uitgebrand is (vgl. Lev. 1:9), plaas ons onself op die altaar van die lewe om onself in volle toewyding aan God en ons naaste te gee.

My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid (1 Joh. 3:18). ☺

LEREER BEROEPBAAR



Die Kuratorium het dr. Johan Malan op 22 Oktober 2025 beroepbaar gestel as predikant in die AP kerkverband. Sy selfoonnommer is 082 346 1396.

FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE 2026*

1 Januarie*	Nuwejaarsdag
21 Maart*	Openbare vakansiedag
3 April*	Goeie Vrydag
5 April	Paassondag
6 April*	Gesinsdag
6 April	Van Riebeeckdag
27 April*	Openbare vakansiedag
1 Mei*	Openbare vakansiedag
14 Mei	Hemelvaart
31 Mei	Republiekdag
24 Mei	Pinksterfees
16 Junie*	Konsentrasiekampdag
9 Augustus*	Openbare vakansiedag
10 Augustus*	Openbare vakansiedag
14 Augustus	GRA-dag
24 September*	Openbare vakansiedag
10 Oktober	Krugerdag
25 Oktober	Hervormingsfees
16 Desember*	Geloftedag
25 Desember*	Christusfees
26 Desember*	Openbare vakansiedag

**Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.*

CVO-SKOOLKWARTALE 2026

Eerste kwartaal: 14 Januarie – 27 Maart
Tweede kwartaal: 7 April – 26 Junie
Derde kwartaal: 20 Julie – 23 September
Vierde kwartaal: 5 Oktober – 9 Desember

SKOOLKWARTALE 2026

Eerste kwartaal: 14 Januarie – 27 Maart
Tweede kwartaal: 8 April – 26 Junie
Derde kwartaal: 21 Julie – 23 September
Vierde kwartaal: 6 Oktober – 9 Desember

DIE BOODSKAPPER

Bepaalde verskyningsdatums

Maand	Kopie in by Redakteur	Verskyningsdatum
Februarie	11 November	23 Januarie
Maart	12 Januarie	26 Februarie
April	12 Februarie	23 Maart
Mei	13 Maart	24 April
Junie	16 April	26 Mei
Julie/Augustus	11 Mei	25 Junie
September	9 Julie	24 Augustus
Oktober	14 Augustus	25 September
November	17 September	26 Oktober
Desember/Januarie	14 Oktober	24 November

Advertensietariewe 2026

Grootte	mm (lengte x breedte)	Prys (hardekopie)	Prys (hardekopie + toepassing)
DIE BOODSKAPPER: HARDEKOPIE			
1/16 blad	40 x 90	R245	R295
1/8 blad	65 x 90	R685	R735
1/4 blad	124 x 90	R1 445	R1 495
1/2 blad	124 x 180	R2 355	R2 405
Vertikale strook	263 x 119	R2 850	R2 900
Volblad	246 x 180	R3 835	R3 885
Binne-agter – ½	148 x 200	R5 125	R5 175
Binne-agter – vol	297 x 210	R7 300	R7 350
Agterblad – ½	148 x 200	R5 145	R5 195
Agterblad – vol	297 x 210	R8 800	R8 850

50% afslag indien AP Kerk sake geadverteer word (slegs op die hardekopie).

SLEGS TOEP (GROOTTE: 250 X 300 PX [L X B])

Plasing: Redaksioneel*	R150
Plasing: Amptelik*	R130
Plasing: Ontvang die Woord*	R130
Plasing: Hoofartikel	R100
Plasing: Gemeentenuus	R100
Plasing: Artikels	R80

*Hierdie plasing kan deur almal gesien word, ongeag of hulle ingeteken is.

BANKINBETALINGSBESONDERHEDE:

Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632005
Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing.
Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.



Kersfees as vreugdevolle verlossingsfees!

Prof. Izak Brink

Skriflesing: Génesis 2:7; Génesis 3:9 ; 1 Korintheërs 15:42-49; Lukas 19:10

Sang: Psalm 19:1, 7; Gesang 148:1-4; Gesang 209:1-2

Om op Kersdag in die kerk te wees, is tradisioneel deel van ons vieringe van die geboorte van ons Here Jesus Christus, want ons vier immers 'n besondere geleentheid.

God is in beheer van ons verlossing

Kersfees is in sy wese 'n verlossingsfees. Ons herdenk God se plan om sondaars van die ewige oordeel te red. Die verlossing wat ons vier, is egter nie 'n saak wat net een dag in die jaar beteken is het nie. Daar is 'n duidelike aanloop tot ons nood aan verlossing en 'n duidelike afloop ná ons verlossing. Kersdag staan in die middel van God se groot plan met die mens. Daar is dus baie meer om oor opgewonde te wees as bloot net 'n dag van vrede en blydschap en gemoedelikheid.

In sy goedheid het God 'n verlossingsplan gehad om die sondaarmens aan die einde van sy aardse lewe van sy verdiende verdoemenis te red. Dit verbind die skepping aan Kersfees en eindelik aan die wederkoms. Ná

die sondeval van die eerste mense was dit die HERE wat hulle in hulle ellende gaan opsoek het.

Deur al die gebeure, van die skepping tot die wederkoms en eindoordeel, loop die goue draad van God se verlossingsplan vir die mens en lees ons in elke Bybelboek hoe hierdie plan van God ontvou. 'n Hoogtepunt in die openbaring van God se verlossingsplan is die geboorte van sy Seun, Jesus Christus.

Kersfees as “moederbelofte” in die Paradys

In Génesis 2:7 lees ons van die skepping van die eerste mens Adam en dat God in sy neus die asem van die lewe geblaas het. In 1 Korintheërs 15:45 word hierby aangesluit waar ons lees dat die eerste mens 'n lewende siel geword het. Lees ons verder in Génesis, hoor ons van Adam en Eva se

ongehoorsaamheid aan God en dat hulle in sonde val. Die mens was nou skuldig voor God en het die dood verdien. In hoofstuk 3 lees ons dat Adam en Eva ná hul ongehooorsaamheid vreesbevange vir God wegkruip – die dood het immers nou op hulle gewag. Gelukkig staan daar in vers 9 dat God na die mens roep – Hy soek die bevreesde en met skuld belaaide mense op. Hier is dit al 'n heenwysing na Kersfees, want in Lukas 19:10 lees ons dat Jesus self die doel van sy menswording beskryf as 'n soeke na verlore mense. Ons sonde is die hartseer rede waarom dit nodig was dat Jesus Christus gebore moes word, maar ook ons geluk dat Hy daardeur na ons kom soek het!

Die gevolg van Adam en Eva se ongehooorsaamheid was dat die mens nou in sy wese 'n sondaar is en dat alle mense ná Adam en Eva in sonde gebore word. In 1 Korintheërs 15:43 word die lewe van die mens beskryf as 'n lewe van oneer. Vers 47 leer dat die eerste mens uit die aarde is en aards bly. Hy vertoon nou die

karakter van sonde en nietigheid met sy hele wese, 'n beskrywing van elkeen van ons en dit beteken dat God se verlossingsplan ons ook insluit. Hierdie wete lei tot uitbundige vreugde omdat ons nie verlore is en aan ons lot oorgelaat is nie.

God se verlossingsplan word dwarsdeur die Bybel beskryf soos wat Hy dit laat ontvou. Hy het belowe om steeds ons Vader te wees en dat ons steeds sy kinders sal wees. Maar hoe kan sondaarmense sy kinders wees? Die Vader sou Iemand moes stuur om namens ons aan Hom gehoorsaam te wees – iets waartoe ons nie in staat is nie omdat ons in oneer leef. Die Here Jesus se menswording moes ons van ons oneer verlos. Hy moes die oordeel van God oor die sonde en die straf wat God vir die mens se ongehoorsaamheid gevra het, dra. Hy sou sy lewe moes gee om ons skuld weg te neem.

Kersfees as oorwinningsfees op Gólgota

Die Here Jesus se soeke na ons hou in dat Hy aan die kruis moes sterf. Hier sou sy bloed as offer vir ons sondes gestort word en hier kry sy geboorte eers werklik betekenis. Ons viering van Kersfees sou sinneloos wees as ons nie deur die geboorte die kruis raaksien nie. As ons dan die kruis raaksien, doen ons dit met die besef van ons eie skuld en die wete dat dit die enigste weg van verlossing is.

Om Kersfees te vier, is dus om ons sonde te ken. Ons viering en blydschap gaan oor die verlossingsplan van God wat 'n hoogtepunt bereik. Ons Verlosser

is gebore en Hy het ons oneer en grootste nood in ons plek beredder. Sonder 'n opregte sondebeseft en geloof dat Christus ons enigste weg tot die Vader is, is die viering van Kersfees leeg en oppervlakkig.

In Johannes 14:6 sê Jesus dat Hy na die Vader gaan en dat sy dissipels ook deur Hom na die Vader sal gaan. Die presiese betekenis daarvan kan ons aflei uit 1 Korintheërs 15 waar gesê word wat ons nodig het om die Vaderhuis in te gaan. Die gedeelte vertel van die mens wat op aarde gebore is, in sonde val en as gevolg daarvan in hopeloosheid voortleef. Dit vertel ook van 'n tweede Adam wat gebore is, 'n lewendmakende siel wat mense wat in die lewe is, lewend kom maak. Hierin lê die doel van die geboorte van Jesus Christus opgesluit:

**Om sondeverlore
mense 'n nuwe lewe te
gee sodat hulle saam
met Hom in hierdie
nuwe lewe kan deel.
Hy verander die oneer
waarin die natuurlike
mens leef in eer deurdat
Hy die oneer met sy
kruisdood wegneem.**

Hierdie verandering kom reeds na vore wanneer ons glo dat Jesus Christus ons Verlosser is en ons lewe nie meer oorheers word deur die drang na sonde nie, maar na die begeerte om die wil van God te doen. Dit gebeur omdat God ons by hierdie plan van verlossing en versoening met Hom insluit. Dit is sy louter genade en niemand kan roem op eie verdienste nie.

Nou vier ons hierdie genade om van verlore mens tot geestelike mens in Christus omvorm te wees.

Kersfees as verlossingsfees in die Vaderhuis

Soos ons op Kersdag die waarheid vier dat daar vir ons sondes betaal is, so vier ons ook nou al die gevolg van hierdie verlossing. 1 Korintheërs 15:44 sê dat 'n natuurlike liggaam gesaai word, maar dat 'n geestelike liggaam opgewek sal word. Hier word geleer dat elke mens sal sterf, maar dat dit nie die laaste is wat so 'n mens sal ervaar nie. Nee, elkeen wat in Christus sterf, sal met 'n geestelike liggaam uit die dood opgewek word, 'n liggaam wat van die oneer en sonde gereinig is en vir ewig met die Here Jesus by die Vader sal leef. Op Kersdag moet ons hierdie hoogtepunt van God se reddingsplan raaksien en dit moet deel wees van ons blydschap oor die geboorte van ons Heer en Heiland. Kersfees gaan oor die vreugde van die ewige heil wat God vir ons bewerk het deur sy Seun te stuur om ons van sonde te verlos.

Die lewe van alle mense begin met 'n geboorte in sonde en ellende. Vir gelowiges eindig dit egter nie in die finale oordeel oor die sonde nie, maar in verlossing van die sonde. Ons is op Kersdag eerlik oor die sonde in ons lewens. Ons kyk terug en vorentoe: na die kruis, na die oorwinning van Jesus Christus oor die dood, na die ewige lewe wat op ons wag. Nou kan ons werklik vol vreugde die geboorte van ons Verlosser en die gevolge wat dit vir elkeen van ons inhou, met oorgawe herdenk. Amen. ☺

Redaksioneel verkort. Oorspronklik: Prof. Izak Brink, *Geanker in die Oorwinnaar* (Pretoria: Lig in Duisternis Uitgewers, 2023), 11-18.



DS. CARL VERMAAK

“VIR ONS”

DIE HARTKLOP VAN DIE EVANGELIE

Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer; en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors (Jes. 9:5).

God se liefde word hoorbaar in twee kleiner woorde

Daar is min Bybelverse wat in ’n enkele hartklop die evangelie so mooi saamvat soos Jesaja 9:5. Agter hierdie woorde skuil die eenvoudige wonder: God self kom na ons toe. Let veral op die kleiner woorde “vir ons”. In Advent hoor ons hierdie vers gereeld, maar eintlik is hierdie woorde nie seisoengebonde nie.

Lig breek deur die duisternis

Jesaja het hierdie boodskap in ’n donker tyd gebring. Die volk Juda het onder groot druk geleef. Hulle was omring deur vyande, hul konings het God vergeet en daar was vrees en onsekerheid. In hierdie duisternis word ’n belofte bevestig. Hy sê vir sy volk dat ’n Kind gebore sal word wat vrede en hoop sal bring.

In plaas daarvan om ’n groot soldaat of koning te stuur, stuur God ’n Kind. Dit wys op die anderse manier waarop God te werk gaan. Hierdie profesie wys vooruit na Jesus Christus, die ware Lig wat in die wêreld sou kom.

Vir óns word God mens

Die tekswoorde *’n Kind is vir ons gebore*, herinner ons dat Jesus werklik mens geword het. Dit is moeilik om te verstaan dat die groot God van hemel en aarde in ’n stal kom lê het. Maar juis daarin lê die wonder: God het gekies om een van ons te word, sodat ons gered kan word.

Wanneer Jesaja sê die Kind is “vir ons” gebore, beteken dit hierdie geboorte het ’n doel. Dit was nie maar net nog ’n kind in Israel nie. Dit was die Verlosser, gebore as ’n mens vir mense wat verlore was. Soos die engel later vir die herders sou sê:

... vandag [is] in die stad van Dawid gebore ... die Saligmaker wat Christus, die Here is (Lk. 2:11).

Hierdie “vir julle” en “vir ons” is die hartklop van die goeie nuus: Jesus se koms is persoonlik. God gee Hom nie net in die algemeen vir die wêreld nie, maar vir elkeen wat Hy tot die saligheid verordineer het.

God gee sy kosbare Seun

Die tweede deel van die vers sê dat ’n Seun aan ons gegee is. Hierdie woorde herinner aan Johannes 3:16: *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het ...*

Om vir iemand iets te gee, beteken om dit vrylik oor te gee – nie omdat dit verdien is nie, maar uit liefde. God het sy eie Seun aan ons gegee. Hy het nie gewag dat ons eers goed genoeg word nie. Hy gee eerste omdat Hy ons liefgehad het toe ons nog sonde was (vgl. Rom. 5:8).

Hierdie “gee” bevestig verder dat Jesus met ’n spesifieke doel gekom het. Hy is nie gebore om net mooi woorde te spreek of mense te genees nie; Hy het gekom om ons skuld te dra en ons met Hom te versoen. Hy is nie net áán ons gegee nie, maar is gegee om in ons plek te kom staan – vir ons sonde, vir ons redding, vir ons vrede.

In Galásiërs 1:3-5 se groetwoord word gelowiges ook aan hierdie gawe van God herinner:

Genade vir julle en vrede van God die Vader en onse Here Jesus Christus, wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld, volgens die wil van onse God en Vader, aan wie die heerlikheid toekom in alle ewigheid!

Die “vir ons” beteken dus dat Jesus nie net vir Homself geleef het nie, maar vir ons – in ons plek.

Die evangelie in twee woorde

Hierdie twee woorde is van die kosbaarste in die Bybel. Dit sê vir ons vir wie hierdie Kind gekom het, waarom Hy gekom het en hoe God se liefde werk.

Daar is drie dinge wat ons hieruit kan leer:

1 God ken sy kinders

Jesaja sê nie: “’n Kind is vir die wêreld gebore” of “vir die konings” nie, maar “vir ons”. Dit maak die boodskap intiem en persoonlik.

God kyk nie van ver af na die mensdom en besluit om iets vir “die mense” te doen nie. Hy kyk na jou en sê: “Ek doen dit vir jǃu.”

Martin Luther het in sy kommentaar oor Galásiërs 1:4 gesê dat die krag van die evangelie in die kleiner woorde soos “vir ons” lê. Om te weet dat Jesus my Verlosser is, bring rus en sekerheid.

2 Hy dra sy kinders se straf

Die woorde beteken ook: “in ons plek”. Hy kom doen wat ons nie kon doen nie. Ons kon nie onself red nie; ons kon nie vir ons

sonde betaal nie. Jesus Christus het dit vir ons gedoen. Hy het volmaak gehoorsaam aan God geleef én Hy het aan die kruis die straf vir ons ongehoorsaamheid gedra.

Wanneer Jesaja later sê dat Hy ter wille van ons oortredinge deurboor en ter wille van ons ongeregthede verbrysel is (vgl. Jes. 53:5), hoor ons dieselfde “vir ons”. Die Kind wat vir ons gebore is, het gekom om vir ons te sterf. Dit is waarom Jesus se geboorte so kosbaar is – dit is die aankondiging van ons verlossing.

3 Ons is aan mekaar verbind

Jesaja praat nie net met individue nie, maar met die volk van God. God gee nie sy Seun net vir een mens nie, maar vir sy hele volk – die gemeenskap van gelowiges. Die Ou en Nuwe Testamentiese kerk is as liggaam van Christus as eenheid verbind. Hierdie “vir ons” herinner ons daaraan dat ons nie alleen in ons geloof is nie. Ons behoort aan ’n groter familie wat saam bely: “Die Here is vir ons.”

Jesus Christus het gekom om nie net mense met God te versoen nie, maar ook om mense met mekaar te versoen. In Hom word daar vrede, liefde en eenheid herstel.

Die belofte word ’n werklikheid

Wanneer ons na die Nuwe Testament kyk, sien ons dat Jesaja 9:5 in Jesus Christus vervul is. Die engel sê vir Maria: *En kyk, jy sal swanger word en ’n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem* (Lk. 1:31). Die naam Jesus beteken: “die Here red”. Daarom noem die engel Jesus die “Saligmaker” toe hy die goeie nuus aan die herders oordra

(vgl. Lk. 2:11). Die wyse manne kom van ver om Hom te aanbid, want hulle sien in Hom die vervulling van God se belofte.

Deur sy lewe, kruisdood en opstanding wys Jesus dat Hy werklik die Een is wat vir ons gekom het. Sy hele bestaan is genade vir ons.

Die boodskap wat nooit oud word nie

Vandag leef ons ook in ’n wêreld vol duisternis, vrees en onsekerheid. Baie mense voel verlore, moedeloos of alleen. Jesaja 9:5 bring die antwoord: God is vir ons. Hy is nie teen ons nie. Hy is nie ver nie. Hy het vir ons gekom. Wanneer jy in die lewe swaarkry, onthou: Die kleiner woorde “vir ons” verander alles. Dit bring hoop in wanhoop, lig in donkerte, vrede te midde van onrus.

God het in Jesus vir altyd gewys dat Hy vir ons is. Dit is in een enkele hartklop die volle evangelie.

’n Hartklop van geloof: God vir ons, ons vir Hom

Jesaja 9:5 is ’n kort vers, maar dit bevat die volle boodskap van redding: Hierin hoor ons God se hartklop van liefde. Hy gee nie net iets vir ons nie – Hy gee Homself.

Wanneer ons dit hoor en glo, verander dit ons hele lewe. Ons sien dat geloof nie begin by wat ons vir God doen nie, maar by wat Hy vir ons gedoen het. Die vreugde van verlossing en van elke dag se geloof is dit: God het in Christus vir ons gekom sodat ons nou vir Hom kan leef. ☺

Ds. Carel Vermaak is die verhoudingsambassadeur van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en leraar van die AP Kerk Cullinan-Rayton.



Die heerskappy is op sy skouer!

Riaan Joubert

Hier rondom Kersfees, terwyl ons terugkyk oor ons pad deur 2025, sal die meeste van ons dalk daaroor saamstem dat die wêreld en die lewe hierdie jaar soms baie swaar op ons skouers gedruk het. Daar is persoonlike laste wat elkeen van ons stil-stil op ons skouers dra: die druk om vir ons gesinne kos op die tafel te sit; kommer of daar môre nog werk gaan wees; druk om vir ons kinders 'n veilige toekoms te skep en terselfdertyd in 'n deurmekaar wêreld hul geloof en karakter te vorm.

Daarby kom nog 'n dieper werklikheid: Baie van ons voel toenemend ontuis in 'n wêreld waar leiers op alle gebiede faal. Daar is korrupsie en onbevoegdheid, teleurstelling en wantroue. Soms kom daar saam met 'n nuwe leier of bedeling 'n opflikkering van hoop, maar net totdat ons nogmaals teleurgestel word. Van oorlog in Europa tot spanning in die Midde-Ooste, van korrupsie in groot stede tot morele verval in die Weste – oral sien ons dat die koninkryke van hierdie wêreld wankel. Dinge lyk donker.

In 'n wêreld wat op soortgelyke wyse vir die mense van sy tyd donker gelyk het, bring Jesaja hierdie boodskap wat vir ons nou al 'n bekende Kersboodskap geword het: *Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers ...*

Vir 'n volk wat voel dat hy in duisternis wandel en in 'n

land van doodskaduwee woon (vgl. Jes. 9:1), bring Jesaja 'n boodskap van hoop:

Die juk wat op hul skouers druk, sal afgegooi word.

Die stok waarmee hulle oor die rug geslaan is, sal verbreek word.

Daar kom 'n nuwe tyd en 'n nuwe Koning – 'n Koning wat die juk van die skouers van sy mense sal afneem en dit self sal dra (vgl. Jes. 10:27). *Die heerskappy is op sy skouer*, sê Jesaja.

In die antieke wêreld, waar konings en gode letterlik in hul troonstoele in optogte op die skouers van mense gedra is, moes dit na 'n ongelooflike boodskap geklink het. Selfs vandag klink dit grootliks ongelooflik. Dink net: 'n Leier, 'n heerser wat nie 'n las op sy mense lê en hulle uitbuit nie, maar wat hulle dra, wat vir hulle sorg – 'n leier wat sy mense ter wille is. Waar kry jy so iemand?

Wat Jesaja sê, verteenwoordig 'n rewolusie in koningskap. Hoe absoluut uniek hierdie Koning

gaan wees, sien ons selfs in sy taalgebruik. Dié Heerser wat kom, is so enig in sy soort dat Hy beskryf word in woorde wat absoluut uniek aan Hom is: *die heerskappy is op sy skouer*.

Dié frase bestaan uit twee sleutelbegrippe waarop ons moet fokus: *misrāh* (heerskappy) en *šikmô* (sy skouer). Die woord *misrāh* is wat taalkundiges 'n *hapax legomenon* sou noem. Dit beteken dat dit op geen ander plek in die Bybel of selfs in buite-Bybelse geskrifte só voorkom nie. Dit is 'n unieke skepping van Jesaja om die uniekheid van die Heerser wat kom, te beskryf. In die wyer Semitiese taalfamilie wys die woordstam van *misrāh* op die heerskappy en gesag van 'n koning – iemand wat bestuur en beheer neem, maar méér as dit: 'n Koning wat sy volk aktief voorgaan in die stryd teen die vyand, 'n ware leier, 'n voorganger.

Die ander sleutelbegrip, skouer (*šikmô*), simboliseer krag, verantwoordelikheid en die vermoë om iets te kan dra. In Jesaja word die woord “skouer”

vyf keer gebruik. Nie een keer word dit gebruik met verwysing na menslike anatomie nie, maar elke keer met sterk teologiese betekenis. Telkens gaan dit oor die las of juk op die skouers van die volk of oor gesag op die skouer van die nuwe Heerser. In Jesaja 22:22 bou die profeet die Messiaanse beeld uit wanneer hy sê dat Eljakim, as voorloper en prototipe van die Messias, ook die “sleutel van die huis van Dawid” op sy skouer sal dra. Die Kind wat gebore word, die nuwe Heerser, sal dus nie net gesagvolle heerskappy op sy skouer dra nie, maar ook die sleutel van die huis van Dawid. Wat Hy oopsluit, sal niemand toesluit nie en wat Hy toesluit, sal niemand weer oopmaak nie.

Letterlik wil hierdie frase dus vir ons sê: Die Kind wat kom, die Messias, het die krag en vermoë om die heerskappy van die hele wêreld, die juk wat daar op sy volk is, stewig op sy skouer te neem. Sy heerskappy sal nooit weer omvergewerp word nie. Dit sal progressief groei en toeneem. Dit sal lei tot vrede sonder einde (vgl. Jes. 9:6).

Dat Jesaja se profesie nie net ’n leë troosboodskap was nie, maar ware evangelie, weet ons ook uit die Nuwe Testament waar die buitelyne wat hy van die Messias geskets het, volledig ingekleur word. Tussen die bladsye van die Nuwe Testament ontmoet ons dié Kind wat as Koning sy volk se laste op Hom neem. Sy skouer is

sterk genoeg om sy volk se juk te dra. In Hom gebeur wat voorspel is: God keer die tafels om, want Hy is nie ’n heerser wat deur ons gedra hoef te word nie. Nee, Hy dra ons!

Hy is nie ’n harde regeerder sonder ’n hart vir sy volk nie. Nee, ons ontmoet Hom as die goeie Herder wat die een verlore skaap gaan soek. *En as hy dit kry, sit hy dit met blydschap op sy skouers* (Lk. 15:5) en bring dit terug na veiligheid. Hý, Christus, dra dié wat nie self die pad terug huis toe kan vind nie. Hy dra sy volk huis toe. Hy dra sy kerk deur die wêreld se storms.

Tussen die blaaië van die Nuwe Testament hoor ons Hom roep na ons wanneer die juk van ons wêreldse laste vir ons te swaar word. Hy roep en nooi ons om by Hom rus te vind. Hy wil die swaar en harde juk wat die wêreld en sonde op ons lê, op sy skouer neem en vir ons ’n ligte, sagte juk gee.

Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig (Mt. 11:29-30).

Wanneer Hy die kruis na Gólgota op sy skouer dra – die juk van óns sonde en verlorenheid wat eintlik op ons skouers moes rus – kom al Jesaja se profesieë oor die Messias in Hom bymekaar.

En Hy het sy kruis gedra en uitgegaan na die sogenaamde Hoofskedeleplek, in Hebreeus Gólgota, waar hulle Hom gekruisig het ... (Joh. 19:17-18).

Daar sien ons sy andersheid, die unieke aard van sy *misrāh*, sy heerskappy in vergelyking met dié van wêreldheersers. Hy kom nie met ’n swaard nie, maar met ’n kruis op sy skouer. Hy regeer deur te dien. Hy oorwin deur te ly. Hy is die ware Sleuteldraer van die huis van Dawid, die Heilige, die Een wat vir ons die deur na die Vaderhuis oopsluit en niemand kan dit weer toemaak nie (vgl. Openb. 3:17). Die verlossing wat Hy bring, is ewig. Sy koningskap duur tot in ewigheid.

As die juk van die wêreld hier rondom Kersfees 2025 swaar op jou skouers rus, hóór die evangeliewoord van Jesaja: Daar is ’n Kind, ’n Koning wat die heerskappy van die wêreld op sy skouer dra. Kersfees 2025 wil jou terugroep na die eenvoudige waarheid: Die heerskappy is nie op jou skouers nie. Dit is nie op die skouers van wêreldheersers wat teleurstel nie. Die heerskappy is op die skouer van Hom wat sy verlore skape met liefde en sorg bymekaarmaak, wat die sleutel na die toekoms dra, wat genoem word Wonderbaar, Raadsman, Sterkte God, Ewige Vader, Vredevors. ☺

Riaan Joubert is lidmaat van die AP Kerk Moot-Sentraal.

Wil jy ’n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers doen?

www.liginduisternis.co.za

Ons kry baie navrae van mense wat graag ’n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers se groei wil maak. Indien dit op jou hart lê, kan jy ’n betaling in die volgende bankrekening maak: **Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media**
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632 005. Verwysingsnommer: LIDU + selfoonnommer.



Wonderbare Raadsman

Prof. Danny Nel

Wie is die mense waarmee die profeet Jesaja hier in eenstemmigheid jubel en vermeld dat die diepste grond van hul vreugde en vrede 'n Kind is waarvan hulle sê dat Hy *Wonderbare Raadsman* (1983-vertaling) is? Wat is hulle omstandighede?

Jesaja 9:1 beskryf hulle as mense wat in die duisternis wandel en in die land van doodskaduwee woon.

Kritiese omstandighede

Om die grootsheid van die Lig in hul lewe te sien en te verstaan, is dit nodig om die aard van die donkerte van die duisternis en die doodskaduwee van hulle omstandighede te begryp. Om die wonder van God se raadsplan te begryp, is dit van uiterste belang om die radeloosheid en die uitsigloosheid van die volk se situasie te begryp.

Jesaja skilder in die voorafgaande gedeelte die absolute geestelike verwildering van die volk waarvan hy reeds in sy roepingsvisioen in Jesaja 6 bewus gemaak is. Hy het homself sodanig daarmee vereenselwig dat hy self ook uitgeroep het:

*Wee my, ek is verlore!
Want ek is 'n man onrein
van lippe en woon onder
'n volk wat onrein van
lippe is; want my oë het die
Koning, die HERE van die
leërskaars, gesien! (Jes. 6:5).*

Dit is 'n volk en land wat onder die oordeel van die HERE staan. As die HERE Jesaja roep om sy woorde onder hierdie volk te verkondig en Jesaja vra: “Hoe lank Here?” kom die antwoord: *Totdat die stede verwoes lê, sonder inwoners, en die huise sonder mense en die land verwoes is tot 'n wildernis ...* (vgl. Jes. 6:11).

Jesaja 9:1-6 verbind ook op besondere wyse met Jesaja 8 waar die politieke en geestelike nood van die volk geteken word. Dit is mense wat nie hul lewe deur die wet en die woorde van God op enige wyse laat bepaal het nie. Om die menslike lewe deur die wet en Gods woorde te bepaal, is die bakens van 'n verbondslawe. Die unieke karakter van die verbondswerklikheid is dus deur 'n geestelike en politieke krisis bedreig. In plaas daarvan om na God te soek en na Hom te vlug, het hulle hulself tot magiese praktyke gewend (vgl. Jes. 8:19). Die ligbron is uitgedoof omdat die HERE sy aangesig vir die huis van Jakob verberg het (vgl. Jes. 8:17).

Dit was 'n tyd van skrikwekkende Assiriese magsontploffing (vgl. Jes. 8:21). Die vyand was

groot en sterk. Die mense trek deur 'n verwoeste en verlate land. Hulle is beswaard, woedend, honger en smagkend op soek na verligting. So uitsigloos as wat die land en omstandighede vir hulle lyk, so geslote beleef hulle die hemel bo hul koppe. As hulle na bo kyk – beswaard en honger, kwaad en opstandig – en hulle saam met hul koning God vloek, dan beleef hulle net benoudheid en duisternis (vgl. Jes. 8:21, 22). Gebede en versoeke maak hier nie meer sin nie. Dit was hul situasie en belewenis. Wás ons al daar en kom ons nie ook maar daar nie?

Wonderbare Raadsman

Maar dan gaan die verhalende trant van Jesaja 8 oor in digvorm. Vir hulle het daar die “Wonderbare Raad” gekom. Vers 5 van Jesaja 9 begin met 'n allesbepalende *want*: 'n Kind is gebore, blykens vers 6, uit die huis van Dawid.

Hoewel die 1933/53-vertaling vyf name aanbied, word vanuit die oorspronklike taal en baie ander vertalings uitgegaan van vier troonname. Aangesien die volgende name almal

paarsgewys georden is, word die eerste twee ook paarsgewys geneem – *pèlè yôês*, letterlik die wonder van 'n Raadsman en dan vertaal (1933/53):

Wonderbaar, Raadsman. Antieke konings het altyd 'n raadsman of raadsmanne gehad, maar dié een waarvan Jesaja hier getuig, is 'n Wonderbare Raadsman. Daarom het ons hier 'n onbetwyfelbare heenwysing na 'n Raadsman veel groter as aardse raadgewers of konings – Jesus Christus.

Wonderbaar laat die klem eerstens val op dit wat menslike verklarings en begrip heeltemal oorskry. Dit dui op 'n Goddelike teenwoordigheid en werksaamheid waarvan ons ook in Jesaja 28:29 en 29:14 lees. Die wonderbare aard van die Raadsman mag vir geen oomblik by die Bybelleser verbygaan nie.

Daarby is Hy **Raadsman** (*Raadgewer*, 2020-vertaling). Een van die grootste deugde van 'n koning in die antieke Nabye Ooste was om wysheid te besit. Dit is juis aan die koninklike howe waar die bestudering van die wysheid floreer het. Dawid was met wyse raadgewers omring – dink aan Agitófél en Húsai (vgl. 2 Sam. 16:15-23). Absalom laat ook by geleentheid

vir Agitófél, die raadgewer van Dawid, haal om sy raad te vra hoe om sy vader Dawid te onttroon en Agitófél gee inderdaad goeie raad. Húsai gee ook goeie raad om die raad van Agitófél te verydel sodat Dawid koning kan bly. Inderdaad wyse raadgewers. Dié koninklike raadgewers, sowel as die koninklike raad, is maar 'n skadubeeld van die ware Raadsman waarvan Jesaja 9:5 praat.

Vir ons

In die omstandighede waarin ons onself bevind, het ons vir seker hierdie Wonderbare Raadsman nodig. Ons ervaar omstandighede waarin ons dikwels seerkry en gebreek word, donkerte beleef en met onsekerheid gevul word. Gebreek, maar nie verby herstel nie – danksy die ewige raad van God waarin Hy ons vashou en ons bokant begrip en verstand behoue laat bly. Want waar die donkerte was, so leer Jesaja ons, daar het 'n Lig geskyn. Die Lig wat na hierdie wêreld moes kom om ons in die donkerste donker te verlig en te dra. Dit is te wonderbaar om in woorde uit te druk en te beskryf.

Hy is die Wonderbare Raadsman wat met ons sonde en sondeskuld raad het. Ons elkeen staan met ons sondeskuld voor die Here. Ons bely ons sonde in die wete

dat Hy ons ten volle ken en dat ons nie verskonings kan aanbied nie. Ons is diep bewus daarvan dat ons niks vir Hom kan verberg nie. Ek durf nie na die splinter in die oog van my broeder kyk terwyl ek die balk in my eie oog vergeet nie. Waar ons nie ons sonde kan verduidelik of probeer verklaar nie en ook nie vingers kan wys nie, sing ons: “Hoe in skuld gebore, hoe geheel verlore, hoe geheg aan kwaad, hoe deur vrees bevange – kóm met jou verlange, hier is hulp en raad! God vergeef, die Midd'laar leef: Daar is vir ons skuld en sonde heil in Jesus wonde” (Ges. 94:3). Ook dit verklaar en beskryf die wonder in Wonderbaar!

Juis omdat ons hierdie Wonderbare Raadsman persoonlik leer ken het, roep ons saam met Paulus uit:

In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie ... (2 Kor. 4:8).

Inderdaad, aan ons is 'n Seun gegee: Jesus Christus die volmaakte Raadsman. Wonderbaar! ☺

Prof. Danny Nel is registrateur van die AP Akademie.

DRÁ JOU GETUIENIS!

Lig in Duisternis UITGEWERS

R80

ICHTHUS:
"Jesus Christus, God se Seun, is die Verlosser."

I	-	Ἰησοῦς	Iesous	Jesus
X	-	Χριστός	Christos	Christus
Θ	-	Θεοῦ	Theou	God
Υ	-	Ἰδιός	Huios	Seun
Σ	-	Σωτήρ	Soter	Verlosser



Jesus is die Sterke God!

Ds. Lourens du Preez

Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer; en Hy word genoem ... Sterke God ... (Jes. 9:5).

Die wêreld se mak beeld van Jesus

In ons tyd het daar 'n gevaarlike verskuiwing plaasgevind in hoe mense oor die Here Jesus dink. Die wêreld hou daarvan om Hom as 'n sagte, liefdevolle figuur te sien wat alles aanvaar, niemand oordeel nie, en eenvoudig daar is om jou "gelukkig te maak". Baie sien Hom bloot as 'n vriendelike, morele onderwyser of selfs 'n "spiritual buddy" wat jou gevoelens bevestig en nooit jou sondes aanspreek nie. Hierdie siening is egter in skerp kontras met die Bybel se openbaring van wie Jesus werklik is.

Jesaja 9:5 openbaar Jesus as veel meer. Hier word die beloofde Messias met majestueuse titels aangekondig: *Wonderbare Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vrededors*. Hierdie is nie bloot poëtiese beskrywings van 'n goedhartige mens nie, dit is die openbaring van God self in menslike gestalte. Die profeet Jesaja sien profeties die koms van die Verlosser wat met mag, wysheid en geregtigheid sal regeer.

Om Jesus as die Sterke God te ken, is noodsaaklik vir ware geloof. As Hy nie God self is nie, kan Hy ons nie red nie. En as Hy nie sterk, almagtig, heilig, en die oorwinnaar oor sonde en dood is nie, dan is ons geloof nutteloos. Die wêreld verkies 'n gemaklike Jesus – die Skrif verkondig 'n almagtige Koning.

Sterke God

Wanneer Jesaja die titel Sterke God (Hebreeus: *El Gibbor*) gebruik, is dit nie toevallig nie. In Jesaja 10:21 word dieselfde term gebruik om na JAHWE self te verwys:

Die oorblyfsel sal terugkom, die oorblyfsel van Jakob na die Sterke God toe.

Dit beteken dat die Kind wat in Jesaja 9:5 beskryf word, geen ander is as die Verbondsgod self nie. Die Messias is nie net 'n menslike bevryder nie – Hy is die vleesgeworde God.



Die term Sterke God dui op oorweldigende mag, heilige krag, en volmaakte gesag. Hierdie Kind dra die heerskappy op sy skouer. Sy krag is nie die brutale mag van aardse konings nie, maar Goddelike mag – die krag om sondes te vergewe, die dood te oorwin, en 'n ewige ryk van geregtigheid en vrede te vestig.

In Christus sien ons dus die vervulling van wat geen mens kon wees nie: Volkome mens én volkome God sodat Hy in ons plek kan staan én die toorn van God kan dra (vgl. HK So. 6 v/a 17).

Hierdie leerstuk is nie 'n filosofiese gedagte nie, want dit is sentraal tot die evangelie. Slegs as Jesus beide waaragtig God en waaragtig mens is, kan Hy aan die eis van God se geregtigheid voldoen en verlossing bring.

Jesus is dus nie bloot 'n vriendelike mens of 'n morele voorbeeld nie. Hy is *El Gibbor* – die Sterke God wat die volle toorn van die Vader dra om sy volk te red.

Verswakte beeld van Christus

Die wêreld van vandag hou nie van die idee van 'n heilige, sterk, soewereine Christus nie. Die moderne mens verkies 'n "vriendelike Jesus" wat saam lag, nooit konfronteer nie en wat elke mens se eie waarheid bevestig.

Hierdie beeld is 'n produk van humanisme en selfverheerliking.

Baie kerke het ongelukkig hierdie beeld omarm. Christus word verkondig as iemand wat jou aanvaar net soos jy is, sonder bekering, sonder oordeel, sonder kruis. Die evangelie word gereduseer tot 'n boodskap van selfaanvaarding en positiewe denke.

Tog leer die Bybel dat Jesus nie gekom het om sondaars in hul sonde te laat nie, maar om hulle daaruit te red. Hy het nie gekom om te bevestig nie, maar om te verander. Hy is die Sterke God wat sonde verpletter, nie die sagte vriend wat dit ignoreer nie. Hy is Here wat oor die heelal, oor die kerk en oor elke individu

regeer. Sy krag is nie simbolies nie, dit is werklik, effektief en allesoorheersend.

Wanneer Hy iemand tot geloof bring, oorwin Hy die dood in daardie mens se hart. Wanneer Hy sy kerk beskerm, staan geen mag teen Hom op nie. Wanneer Hy weer kom, sal Hy oordeel en elke knie sal buig.

Ons troos in die Sterke God

Christus as die Sterke God, bied groot troos. As Hy nie almagtig is nie, sou ons geloof wankel. As Hy nie sterk genoeg is om sonde te oorwin nie, sal ons verlore wees. Maar omdat Hy ons Sterke God is, kan ons saam met Paulus in 2 Timótheüs 1:12 uitroep: *Om hierdie rede ly ek ook hierdie dinge; maar ek skaam my nie,*

want ek weet in wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe.

Ons hoef nie te vrees nie, want die mag van ons Here is groter as die mag van enige wêreldmag, demoon of sonde. Sy sterkte is nie net 'n hemelse idee nie – dit werk in ons deur sy Gees. Hy gee die krag om te volhard, om te staan teen sonde, om te leef in gehoorsaamheid.

Die wêreld wil 'n Jesus hê wat nie inmeng nie; die Bybel verkondig 'n Here wat alles eis. Hy eis ons lewe, ons loyaliteit, ons hart, maar Hy gee ook alles: vergifnis, vrede, oorwinning en die ewige lewe. ☺

Ds. Lourens du Preez is leraar van die AP Kerk Hoopstad.

BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2026

Graad	Ou Testament	Nuwe Testament	Handboek
Graad 4	Génesis 12-13; Exodus 18-20	Markus 13-14	Les 1-9
Graad 5	Esra 1, 4, 7, 9	Johannes 13-16	Les 1-9
Graad 6	1 Samuel 1-3	Handelinge 6-7; Kolossense 1-2	Les 1-9
Graad 7	1 Samuel 13; 16; 1 Konings 5; 2 Kronieke 1	2 Thessalonicense 1-3	Les 1-9
Graad 8	Levítikus 23-25; Ester 1-5	Titus 1-3; 2 Petrus 1-3	Les 1-9
Graad 9	Daniël 4-6; Jesaja 11-17	1 Johannes 1-5	Les 1-9
Graad 10	Job 6; Hoséa 4-6; Joël 3	Efésiërs 3-4; Hebreërs 11	Les 1-9
Graad 11	Hábakuk 1-3; Prediker 5-7	Romeine 12-14; Openbaring 1-3	Les 1-9
Belydende lidmate	2 Konings 4-7; Levítikus 8-10	Jakobus 1-3; Openbaring 8-11	NGB: Artikel 33-35

AP KERK: DASSE EN MOULOSE TRUIE

Wit kerkdasse @ **R120** • Moulose swart trui @ **R550**
10 en 20 jaar gedenkdasie ook beskikbaar op navraag


Tel: 015 298 8028 • Faks: 086 530 5709
E-pos: pietersburg@apkerk.co.za

Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00.
Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling.

BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse
gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies
• Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959



In die tempel het Josef en Maria twee profete ontmoet: Símeon en Anna.

Beide profete het Jesus dadelik as die Messías herken en die Here geloof en geprys.

Símeon het egter nog iets vir Maria gesê: *En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan* (Lk. 2:35).

Hierdie woorde het aangedui dat Christus later verwerp en uiteindelik gekruisig sou word deur dieselfde mense wat Hy gekom het om te verlos. (Bybel in Praktyk).



Die Seun as Ewige Vader?

Ds. Lourens Venter

Onthou jy nog daardie groot dag toe jou eersteling gebore is en jou pa vir jou gesê het: “My seun, vandag het jy ’n man geword”? As ’n seun pa word, beteken dit nie dat hy soos sy pa word nie. Dit beteken die seun word self ook ’n pa. Hoewel seuns en dogters se geaardhede dikwels met hul ouers s’n ooreenstem, bly hulle steeds ’n eie persoon.

Met hierdie karige beeld van ons eie belewenis van vaderskap, moet ons ook die profetiese beskrywing van die Seun as ’n “Ewige Vader” benader. Hierdie is geen dogmatiese stelling oor die Triniteit nie, maar eerder ’n beskrywing van die eienskappe van hierdie Kind wat gebore is.

Onvermeng en onverdeeld

Die beskrywing van die Kind as Ewige Vader kan baie maklik die indruk skep dat die Seun ook die Vader is. In ons eie manier van praat gebeur dit maklik dat ons die Persone vermeng, veral as ons bid. Ons sal byvoorbeeld sê: “Dankie, Vader, dat U vir ons sondes gesterf het.” Dit is ’n gevaarlike vermenging van die Persone van die Drie-eenheid. Ons belydenis gee ’n baie breedvoerige uiteensetting oor hierdie aspek, veral in die belydenis van Athanasius en die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 8, 9).

Dit gaan in hierdie beskrywing van Jesaja 9 oor die aard en karakter van die Messías-Koning. Die Griekse vertaling van die Ou Testament lui:

“Vader van die eeue.” Dit sou selfs gepas wees om te sê: Vader van ewigheid. Calvyn maak die opmerking dat dit selfs in “toekomstaal” beskryf kan word, met ander woorde: Vader van die eeue wat kom.

Vader van ’n nageslag

Die Kind se vaderskap word op hierdie manier beskryf met betrekking tot sy nageslag, sy volk, nie omdat Hy die Vader in die Wese van die Drie-eenheid is nie, maar omdat Hy sy volk versorg en beskerm en soos ’n vader in sy behoeftes voorsien.

Hy is die vader van die nuwe skepping, soos Jesaja 53:10 beskryf: Hy sal ’n nakroos sien.

Hy is ook die vader van die gelowiges in die sin dat Hy hulle verwek tot ’n nuwe lewe soos in Johannes 1:12-13 beskryf. Soos Adam as die vader van die gevalle mensdom in 1 Korintiërs 15 beskryf word, is Christus die vader van die herskape mensdom.

Die Seun en die Vader is een

Jesus verduidelik verder in Johannes 1 dat niemand die Vader kan sien nie, behalwe deur Hom ... *die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar* (Joh. 1:18). Hy en die Vader is een:

As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien (Joh. 14:7); en vers 10: Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie?

Die Kind wat gebore is, word nie sy vader nie, Hy is een met Hom. Die Seun self vertoon ook vaderlike eienskappe. Hierdie vaderlike sorg is nie tydelik nie, maar duur in ewigheid. Dit omsluit alle eeue, want sy koninkryk het geen einde nie (vgl. Lk. 1:33). Hy is nie soos ’n aardse koning wat kom en gaan nie. Net soos sy koninkryk, is sy vaderlike beskerming vir ewig.

Ds. Lourens Venter is leraar van die Gereformeerde Kerk Centurion.

Vervolg op bl. 21 >>



Vredevors

Ds. Peet Schutte

Die liedjie “Imagine” van John Lennon word dikwels as ’n wekroep vir wêreldvrede gebruik.

*Imagine all the people, living for today
Imagine there's no countries
It isn't hard to do
Nothing to kill or die for
And no religion too
Imagine all the people, living life in peace*

Vrede is werklik ’n wonderlike ideaal om na te streef. Hierdie lied vertel egter een groot leuen en dit is dat die mensdom in staat is om vrede op sy eie te bewerkstellig. So asof ons vrede sonder God kan hê. Dit is natuurlik nie moontlik nie. In die tyd wat Jesaja opgetree het, was die probleem dieselfde. Mense het gedink dat hulle vrede en veiligheid los van God kan bewerkstellig.

Gewelddadige omstandighede

Die profesie van Jesaja 9:5 speel af teen ’n agtergrond van oorlog, onsekerheid en vrees. ’n Tragiese magstryd ontstaan tussen Juda en Efraim.¹ In Jesaja 7 lees ons hoedat Resin, die koning van die Arameërs saam met Peka, die koning van Israel, saamstaan om Jerusalem aan te val. Hulle was egter nie in staat om Jerusalem te verower nie. Dit was maar net die begin van die tragedie, want in plaas daarvan dat Agas die koning van Juda op die beskermende

hand van die HERE vertrou, gaan soek hy sy hulp by die heidense Assirië. Die Assiriërs het hierdie geleentheid met beide hande aangegryp. In 732 v.C. val hulle die Arameërs aan. Damaskus, die hoofstad van Aram, word verower en sy inwoners word in ballingskap weggevoer. Kort daarna val Assirië se donker skaduwee oor Efraim en die gebiede van Náftali en Sébulon en hulle word ook verower. Juda sou ook nie die straf van die HERE vryspring nie. Hy het op ander dinge as die HERE vertrou en daarom sou hy geen vrede hê nie. Dit was voorwaar ’n baie donker tyd – oorlog, geweld en vrees was aan die orde van die dag. Die HERE was besig om die ongeloof en afgodery van Israel en Juda te straf.

Dit moes ’n geweldige moeilike tyd gewees het vir die handjievol gelowiges wat te midde van hul volksgenote se ongeloof en

afgodery, steeds aan die HERE vasgehou het. Aan die een kant het hulle God se beloftes gehad. Die HERE het immers aan koning Dawid belowe dat daar altyd iemand uit sy nageslag op die troon sal sit (vgl. 2 Sam. 7:16). Aan die ander kant sou hulle ook weet dat die HERE nie sonde en afgodery ongestraf sal laat bly nie en daarom het hulle besef dat die toekoms inderdaad baie donker is. Vanweë die sondeval kan daar geen vrede tussen God en mens wees nie en as daar nie vrede tussen God en mens is nie, sal daar ook nie vrede tussen mense wees nie.

Hoopvolle troos

Nou bemoedig die HERE die gelowiges deur die profeet Jesaja. God het nie van sy beloftes vergeet nie. Hulle kan maar op die HERE wag, die duisternis en onvrede wat hulle nou vanweë hul eie sonde en hul goddelose leiers beleef, sal verbygaan. God self sal iemand stuur om ware vrede te bring.

Ongeveer 2 000 jaar gelede is hierdie belofte vervul. Die Seun van God het ’n mens geword toe Hy in ’n stal gebore en in ’n krip neergelê is. Lukas 2 vertel hoedat die engel vir die herders van hierdie wonderlike gebeurtenis vertel waarna die engelekoor in lof uitbreek:

Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae! (Lk. 2:14).

Die Kind wat daardie nag gebore is, het inderdaad vrede gebring. Hy sou aan die kruis vir ons sondes sterf en daardeur vrede tussen ons en God bewerkstellig. Jesus het vir ons sondes betaal en daarom kan ons ook nou in vrede met God leef.

Maar dit eindig nie daar nie. Die Here het ook sy Heilige Gees oor ons uitgestort. En dit is die Heilige Gees wat heiligmaking in ons lewens werk sodat ons ook in vrede met ons medemens kan leef. Vrede met God lei tot vrede met mekaar. As Christus dit vir ons moontlik gemaak het om in vrede met die Vader te leef omdat Hy vir ons sondes betaal het sonder dat ons dit verdien het, hoe kan ons dan in onvrede met mekaar leef? Hoe kan ons as broeders en susters in die geloof dan met mekaar twis en baklei en nietige, kleinlike sake teen mekaar hou?

Oorlog met die wêreld

Dit beteken egter nie dat gelowiges met almal in vrede gaan leef nie. In Mattheüs 10:34 waarsku Christus: *Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie*

gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.

Wat bedoel Jesus hiermee? Die Here wil hê ons moet besef dat daar 'n stryd in die wêreld aan die gang is. Daar is 'n stryd tussen lig en duisternis, tussen goed en kwaad, tussen diegene wat Christus as Koning erken en diegene wat teen Christus se heerskappy rebelleer.

Wanneer Christene in vrede met God leef, gaan dit beteken dat die wêreld hulle gaan haat omdat hulle Christus haat. Dit kan met elkeen van ons gebeur dat ons op 'n stadium voor 'n keuse gestel gaan word: Vrede met God, of vrede met die wêreld?

Toe Petrus en Johannes voor hierdie keuse gestel is toe hulle deur die Joodse raad verbied is om die evangelie te verkondig, was hul antwoord:

Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie (Hand. 4:19-20).

Laat dit ons gebed wees dat die Here ons die krag sal gee om só te antwoord wanneer ons moet kies

tussen vrede met God en vrede met die wêreld.

Vrede te midde van jou omstandighede

Wanneer ons vrede met God het, is die wonderlike dat ons vrede sal hê selfs al leef ons in 'n wêreld van onvrede. Ons kan vrede hê te midde van moeilike omstandighede, want in Christus is God ons Vader wat alles vir ons ten goede laat meewerk. Dit beteken nie dat alles maklik gaan wees nie, intendeel, die Here laat dikwels toe dat daar moeilikheid en swaarkry oor ons pad kom. Dit beteken wel dat ons kan weet dat die lyding en die swaarkry van die teenwoordige tyd nie sal opweeg teen die heerlijkheid wat eendag aan ons geopenbaar sal word nie (vgl. Rom. 8:18). Daarom kan ons vrede hê te midde van 'n wêreld vol onvrede, want ons hoop is nie op hierdie wêreld nie, maar in Jesus Christus.

Vrede sal 'n ontwykende ideaal bly solank as wat ons in onvrede met God leef. Dit is die probleem met John Lennon se liedjie. Daarom kan ware vrede slegs in die Vredevoers, Jesus Christus, gevind word. ☺

Ds. Peet Schutte is leraar van die AP kerke Hoëveld-Ermelo en Carolina.

1. Die naam Efraim verwys dikwels in Jesaja na die Tienstammeryk van Israel.

IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za

Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Zahn Olivier by 072 747 8994 vir verdere navrae en besprekings.



Geloftedag: Herlewing vra goeie grond en diep wortels

Ds. Schalk Strauss

In sy weldeurdagte artikel “Geloftedag: ’n Geestelike herlewing onder Afrikaners?”¹ bespreek dr. Danie Langner Afrikaners se hernude belangstelling in Geloftedag. Hy probeer die vraag beantwoord of die toename in die bywoning van Geloftefeeste op geestelike herlewing dui of nie.

Hoewel hy nie ’n besliste oordeel vel nie, is hy versigtig optimisties. Hy sien veral tekens van herlewing in die feit dat Afrikaners wat voorheen die dag bloot as ’n vakansie- en ontspanningsdag deurgebring het, nou doelbewus kies om Geloftedag by te woon, en dat feeste al meer op die geestelike aard van die dag fokus.

’n Mens kan nie help om saam met dr. Langner opgewonde te raak oor wat besig is om te gebeur nie, maar jy het ook begrip vir sy huiwering om die vraag na geestelike herlewing met ’n onomwonde “ja” te beantwoord. Die rede vir hierdie huiwering is omdat ware herlewing nie bloot aan die bywoningsyfers tydens Geloftefeeste gemeet kan word nie. Dit kan een van die tekens van geestelike herlewing wees, maar ware herlewing behels uiteindelik baie meer. Die vraag is dus: Hoe lyk dit prakties?

Herlewing erken die werklikheid van ’n dieper stryd
Kenmerkend van die Slag van Bloedrivier was die Voortrekkers se bewustheid van die dieper stryd. Vir hulle was dit nie net ’n stryd tussen Voortrekker en Zoeloe nie, maar tussen lig en duisternis.

Hulle het hierdie werklikheid erken en die stryd in God se hand geplaas omdat hulle vanuit hul diepgewortelde geloof in God Drie-enig geleef het, en daarom besef het dat oorwinning net moontlik is as Hy die stryd voer.

In Suid-Afrika is ons baie bewus van die feit dat daar ’n stryd woed, maar dit is ’n vraag of ons die werklike aard en omvang daarvan besef. Ons maak soms die fout om te dink die stryd is teen die ANC-regering, of teen BELA, of teen plaasmoordenaars, of teen onteiening sonder vergoeding, of teen die herskryf van ons geskiedenis. Dit is egter bloot die sigbare kant van hierdie stryd. Agter dit alles skuil die Bose. Dit hurk by die deur en soek na ’n geleentheid om ons te oorweldig. Dit is ’n stryd wat ten diepste gemik is op ons identiteit as Christen-Afrikaners, omdat dit ten doel het om ons van alles wat vir ons kosbaar is, te vervreem. Ons moet versigtig wees om te dink dat dit slegs ’n stryd om die behoud van ons volkskap is. Ten diepste is dit ’n stryd wat woed teen dit wat nog altyd die siel van ons volkskap uitgemaak het – ons Christelike geloof.

Hoe meer ons die werklikheid van hierdie stryd erken, hoe meer opreg en omvattend sal herlewing wees. Dit is ’n stryd wat nie by Bloedrivier begin het nie en wat ook nie daar geëindig het nie. Dit is ’n stryd waarin elke mens betrokke is, want dit woed binne-in jou – of jou voorouers nou by Bloedrivier was of nie. Dit is ’n stryd wat sal voortwoed tot met die wederkoms, maar waarvan die finale uitslag reeds op Gólgota bepaal is.

Herlewing is veel meer as groter geestelikheid

Wie onlangs Geloftefeeste bygewoon het, kan getuig dat daar groot klem op die gewydheid van die dag geplaas word. Dit is egter belangrik om te vra wat die fokuspunt van daardie gewydheid is. Is dit die God van Bloedrivier en van Gólgota? Is dit die God wat ons voorouers vanuit hul diepgewortelde, gereformeerde geloofsoortuiging as die soewereine God aanbid het? Getuig ons deurbring van die dag dat ons dié God aanbid wat nie net ’n mens se *omstandighede* verander nie, maar ook jou *hart*?

Om vlae te swaai, kakieklere aan te trek, die ramshorings te blaas,

die vierde vers van “Die Stem” of die “Onse Vader” met bewoënheid te sing, spreek van geestelikheid, maar is nog nie noodwendig herlewing nie. Die Israeliete het ook met groot “geestelikheid” en met gewyde erns die goue kalf aanbid. Herlewing sluit nie hierdie geestelike handeling uit nie, maar dit is nie daartoe beperk nie. Herlewing is veel meer as net groter geestelikheid. Herlewing vra dat dit wat dood was, weer lewend word. Dit vra gehoorsaamheid.

Herlewing onderhandel nie, dit gehoorsaam

Nog ’n kenmerk van geestelikheid is dat dit godsdiens bloot as ’n middel tot ’n doel sien. Ons “geestelikheid” raak ’n onderhandelingsmiddel waarmee ons God probeer oortuig om weer “aan ons kant” te wees. Ons woon Geloftedag by, want as ons nie ons geloftes betaal nie, sal God ons nie seën nie. Wanneer dít die ingesteldheid is waarmee ons Geloftedag vier, plaas ons onself, ons volk en ons ideale op die troon. Ons soek die *veiligheid* van God, maar ons sien nie noodwendig kans vir die *heiligheid* van God nie.

“As Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee ...” was nie transaksioneel nie, maar ’n daad van geloofsoorgawe. Daar was immers niks om mee te onderhandel nie, want as God nie vir hulle gestry het nie en hulle het verloor, was daar geen Voortrekker oor wat die rug op Hom kon keer omdat Hy nie sy kant van die ooreenkoms gehou het nie. Met hierdie gelofte het die Voortrekkers by Bloedrivier bely: Niks gebeur sonder sy albeskikking nie. Hulle het gekniel voor Hom aan wie alle

mag behoort en wat sy kinders ter wille van sy Seun liefhet.

Ware herlewing begin deur die knie in gehoorsaamheid voor die lewende God te buig. Dit gebeur nie sonder ’n hartsverandering nie. Eségiël 36:26-27 verduidelik wat gebeur wanneer God mense se harte deur sy Gees verander:

... [Die Gees] sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.

Dit is die getuienis van nuwe lewe, of dan her-lewing.

Die 1838-Gelofte het nie uit die lug geval nie. Dit is nie soos ’n towerstaffie aangegryp as laaste wanhopige poging om die onafwendbare te vermy nie. Dit was die gevolg van ’n lewende verhouding met die lewende God. Die Gelofte spreek van ’n diepe verhouding tussen verlostes en hul God – ’n verhouding wat prakties uitgeleef is. Die Voortrekkers het nie eers van 9 Desember 1838 af besluit om meer “geestelik” te wees, omdat hulle iets moes doen om God te oortuig om hulle te help nie. Hulle was Geesvervuld en daarom was hulle nie net afhanklik van God nie, maar ook gehoorsaam aan Hom. Hulle daaglikse lewens was ’n lewende getuienis daarvan dat God oor hulle regeer het. Hulle etiese norme en morele waardes is deur Hom bepaal, hulle het hul kinders in die vrese van die Here grootgemaak, hul verhoudings met ander volke was geskoei op die liefdesgebod – om aan ’n ander te doen soos jy aan jouself gedoen wil hê, die Dag van Here was vir hulle heilig. Hulle het nie aanspraak

gemaak op volmaaktheid nie, maar hulle wou die knie voor niemand anders buig nie.

Wanneer ons dus begin soek na tekens van geestelike herlewing, dan is dít waarna ons moet soek: gehoorsaamheid. Dit help nie ons buig net op Geloftedag voor God, maar die res van die tyd leef ons soos ons wil nie. Herlewing sal sigbaar word wanneer egskeidingsyfers begin daal en die bed onbesmet is. Dit sal sigbaar word wanneer ons ons kinders weer in die vrese van die Here grootmaak, want hoe anders sal hulle met ons kan deel in die erkenning van Geloftedag as hulle nie die God van Geloftedag ken nie? Dit sal eg wees as ons harder vir ’n Christelike opvoeding as vir sekulêre onderrig in Afrikaans baklei. Herlewing sal helder skyn as die duisende wat Geloftedag bywoon, ook Sondae die huis van die Here vol sit.

Goeie grond en diep wortels

Dit help nie ons swaai die vlae, maar die vaandel van ons Christenskap is gestryk nie. Dit help nie ons bou die Volkshuis, maar hy is fondamentloos omdat dit nie ook ’n Godshuis is nie. Ware herlewing is nie net geestelike herlewing nie, maar Geesvervulde herlewing. Dit vra goeie grond sodat die saad wat gesaai word, nie vinnig opkom en blom, maar net so vinnig verlep en verdor nie. Dit vra egter ook diep wortels wat verbind is aan die Fontein van lewende water. Vanuit hierdie grond sal daar ’n huis tot eer van God verrys, ’n oes wat veel vrug sal dra – sodat die roem en die eer van die oorwinning aan Hom gegee sal word! ☺

1. <https://bit.ly/4ke0sI5>



Voortrekkermonument

Josef du Toit

Die Voortrekkermonument is in die vorm van 'n altaar. Dit is 'n simbool daarvan dat elkeen van ons, soos die Voortrekkers, ons lewens moet stel as 'n heilige en aan God welgevallige offer, dit wil sê, 'n offer wat Hom behaag. Dit is immers ons redelike godsdienst, lees ons in Romeine 12:1.

Tog leer Psalm 53:4 ons dat daar niemand is wat goed doen nie, ja, nie een nie. Om 'n aan God welgevallige offer te wees, kon slegs die volmaakte Here Jesus Christus vermag. Net as ons vertrou in Hom alleen rus, word sy welgevallige offer vir ons rekening geneem. Dan sien God die Vader Christus se geregtigheid en offer in ons plek en woon die Heilige Gees in ons harte om, hoe langer hoe meer, in dankbaarheid vir Hom te leef (vgl. Hebr. 10:1-18).

Voor die Slag van Bloedrivier het die Voortrekkers 'n gelofte aan die Here gedoen¹ dat as dit sy wil is om ons volk steeds te gebruik om die evangelie op hierdie kontinent te laat vooruitgaan, en Hy ons daarom deur die doodsgevaar van daardie veldslag sou red, ons 'n huis sal stig tot die gedagtenis van sy groot Naam waar dit Hom behaag.

Selfs in 1838, die jaar van die Gelofte, kon 'n mens nie 'n huis tot die gedagtenis van die Here stig deur dit met die hande uit klei, klip en strooi te bou nie.

Nee, om 'n huis te stig, is veel moeiliker. Josua verklaar:

... ek en my huis, ons sal die HERE dien (Jos. 24:15).

Die Voortrekkers het hulself opnuut aan die Here gewy om 'n volk te stig wat tot sy eer sal leef. Daarom het hulle ook so gou doenlik 'n kerkgebou opgerig waar hulle Hom in die erediens op stigtelike wyse saam kon aanbid. In hierdie huis wou hulle die volk van geslag tot geslag oproep om sy vertrou in Christus te plaas en Hom in dankbaarheid te dien. Hier wou hulle die volk aan God se grootse reddingsdade uit die verlede herinner, ook dié van 16 Desember 1838. Só wou hulle saam die toekoms ingaan met die oog op Hom, ons Verlosser, alleen gerig.

By die inwyding van hierdie altaar, die Voortrekkermonument, is die skare herinner aan die verhaal uit die kerkgeskiedenis van Petrus wat van Rome gevlug het. Hier verskyn die Here aan Petrus, waarop hy vra: *Domine, quo vadis?* – “Here, waar gaan u heen?” – waarop Christus antwoord dat hy na Rome gaan om vir die

tweede keer gekruisig te word. Petrus het verstaan dat hierdie antwoord, by implikasie, opnuut 'n vraag aan hom is: Petrus, *quo vadis* – waar gaan jy heen? Petrus moes tot besinning kom. Dit was die Here se wil dat Petrus na Rome moes terugkeer om daar die evangelie te verkondig. By die plek waar Petrus volgens die vertelling omgedraai en na Rome teruggekeer het, het daar later die Quo Vadis-kerkgebou ter herinnering aan hierdie verhaal verrys.

Ook wanneer ons oë, en die oë van ons nageslagte op die Voortrekkermonument val, so is verduidelik, moet ons geslag ná geslag die sielsdeursoekende vraag daarop lees: Waar gaan jy heen, Boere-Afrikanervolk?

Die Voortrekkermonument is ons Quo Vadis-gebou. As ons wegdwaal van die Voortrekkergees deur van God en sy gebod af te dwaal en ons vertrou in onself en nie in die enigste Middelaar, Jesus Christus, plaas nie, moet ons met die oog gerig op die monument, stilstaan en dan terugdraai – na God toe.

Aan die voet van die monument is 'n bronsbeeld van 'n Voortrekkervrou en twee Voortrekkerkinders. Nie alleen herinner dit ons aan die hoogste offer wat veral vroue en kinders by Blaauwkrans, Moordspruit en Weenen moes bring nie (wat die direkte aanleiding was tot die latere Slag van Bloedrivier), maar van die noodsaaklike bousteen van elke volk – die gesinslewe.

Daarvan getuig ook die laer van kakebeenwaens rondom die monument. Daardie waens waarmee die Voortrekkers die wildernis in is, het in sy wakis die grootste skat van elke Voortrekkerfamilie bevat – die Bybel. Dit is rondom die Bybel dat families soggens en saans boekegevat het, die Woord van God as gesin gelees en deurdink het, God in hul gebede aangeroep het, ook in die lofsang van berymde psalms daarnaas. Op hierdie wyse is die eenvoudige kakebeenwaens tot groter prag as die rykste paleise en katedrale van Europa omvorm. Wanneer hierdie waens laertrek, wanneer

die volk in gesinsverband mekaar die hand gee, nie in eie krag nie, maar in die gemeenskaplike belydenis van Christus as die Seun van die lewende God, dan is ons 'n kerkvolk, 'n Christelike volk wat die Here dien soos ons by Bloedrivier belowe het. Dan kan selfs die poorte van die doderyk ons nie oorweldig nie (vgl. Mt. 16:16-18).

Binne die Voortrekkermonument is die senotaaf, 'n leë graf op die keldervloer. Dit dien as huldeblyk aan die Voortrekkers wat gesterf en hul lewens gegee het vir die verkondiging van die evangelie ook in ons land, soos dit daar staan: “Ons vir jou, Suid-Afrika”. Wanneer die son jaarliks op 16 Desember om twaalfuur deur die monumentkoepel skyn en die woorde op die senotaaf verlig, herinner dit ons aan God se seën oor gelowiges wat Hy in Christus tot sy kinders aanneem.

Soos daar ook by sy inwyding verkondig is, herinner hierdie monument ons aan die Here se grootse daade in die verlede

omdat dit as getuie daarvan staan (vgl. Jos 24:27). Dit dien as getuie tot seën soos vanaf die berg Gerisim in Deuteronomium 11:29 as ons, in afhanklikheid van Christus, na die geboorte van die Here onse God in sy Woord luister. Maar dit dien ook as getuie tot vloek soos vanaf die berg Ebal in dieselfde vers, as ons afwyk van die weg wat die Here in sy Woord beveel, deur Christus se offer te verwerp en in sonde te volhard.

As volk moet ons onsself ondersoek en terugdink aan dr. DF Malan se inhuldigingswoorde op 16 Desember 1949:

“Staan dan stil en draai terug: Terug na u volk; terug na die heiligheid en onskendbaarheid van die gesinslewe; terug na u Christelike wandel; terug na u Christelike geloof; terug na u kerk; terug na u God!” ☺

Josef du Toit is lidmaat van die AP Kerk Pretoria-Oos. Hierdie artikel word met vergunning gebruik. Oorspronklik: <https://bit.ly/4hZf2CY>

1. Vergelyk die Gelofte-oorteks-album vir die oorspronklike “oorkondes” van die Gelofte, met kommentaar by <https://bit.ly/3XrumhS>

◀ Vervolg vanaf bl. 15

Die Seun as Ewige Vader?

Die troos van Christus as Ewige Vader

Vir gelowige kinders van die Almagtige is daar 'n wonderlike vertroosting in hierdie beskrywing van die Kind wat as vader sorg en versorg. Die Seun en die Vader is een, maar die Seun versorg jou met dieselfde deernis as die Vader. Hy leef en deurleef die Vader se goedheid op elkeen wat uit God

gebore is. Sy trou en liefde sal nooit ophou nie.

Hyself is die bron van lewe. Hy is die Woord waardeur die skepping tot stand gekom het, maar ook die Herskepper wat ons in 'n nuwe lewe opwek en ons ewig in sy vaderlike goedheid nooit sal verlaat of loslaat nie.

'n Kind is inderdaad vir ons gebore, 'n Seun is vir ons gegee met die heerskappy op sy skouer. Christus, die Ewige Vader van die geestelike geslag wat deur sy bloed uit God gebore word, wek sy kinders deur die Heilige Gees op en voed hulle deur sy Woord terwyl Hy hulle deur sy hand vir die ewige lewe bewaar. ☺



Ons roeping is God se genade

René Roux

Jesus Christus is ons Verlosser en deur Hom is God ons Vader. Dit is uit sy hand wat ons elke dag leef en ook sin kry vir dit wat ons doen. Hy is die Een wat ons roep, ons dra en ons lei. Daarom dien hierdie skrywe ook as dankbetuiging: Aan elke vrywilliger wat ure opoffer om ander se laste te dra en met 'n oop hand gee; aan elke donateur wat finansiële bydra en sodoende hoop moontlik maak; aan elke personeel wat nie net hul werk doen nie, maar hul roeping met toewyding, geloof en liefde vir die gemeenskap uitleef. Jul hande, harte en stemme is die mooiste bewys dat ons nie alleen werk nie, maar dat ons as familie in Christus saamwerk.

Van jongmeisiedae af het ek gewonder wat my roeping is. Vir lank het ek geglo dat dit in die kunste lê. Maar vandag besef ek dat God my spesifiek hier by Solidariteit Helpende Hand geplaas het. Hier kan ek ander deur my gawes dien. Hier kan ek saam met jou aan 'n gemeenskap van hoop bou. Dit maak my nederig om te weet dat dit nie my keuse was nie, maar God se plan vir my.

Maar elkeen moet wandel net soos God hom dit toebedeel het, soos die Here elkeen geroep het ... (1 Kor. 7:17).

Ons roeping is nie somer toevallig nie. Dit is nog voor ons geboorte bepaal.

Roeping klink soms maklik, maar die waarheid is dat dit dikwels moeilik is. Daar is struikelblokke, daar is teenspoed, daar is dae wat dit voel asof jy alleen dra. Dan herinner die Here ons:

... beywer [julle] om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie (2 Petr. 1:10).

Hierdie belofte gee sekerheid en moed. Daarom herinner ek jou: Wees dapper in jou roeping. Jy is nie toevallig hier nie. Jy is nie "somer net" besig om goed te doen nie. God self het jou geroep en Hy sal jou dra wanneer jy struikel.

By Solidariteit Helpende Hand sien ons dit elke dag gebeur. Wanneer 'n graadeentjie 'n tassie ontvang, of 'n jongmens deur 'n rentevrye studielening sy toekoms ontsluit, of wanneer 'n kind by Ons Plek veilig voel en vir die eerste keer in 'n lang tyd weer kan lag, dan weet ons dit is roeping in aksie. Dit is mense soos jy wat jou tyd, jou energie, jou finansies en jou liefde gee, wat hierdie dinge moontlik maak. So werk God deur ons planne en projekte.

Ons jaartema "Welstand" het ons herinner dat ware vrede en krag nie uit onself kom nie, maar in Christus, ons Verlosser, is.

En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is (Rom. 8:28).

Hierdie belofte dra ons en gee dat ons met hoop en sekerheid kan werk, selfs in moeilike tye.

So bou ons saam aan welstand. Jou tyd, jou finansiële bydrae, jou passie en jou roeping word saamgeveg tot 'n groter prentjie wat 'n volhoubare toekoms skets. Dit is soos 'n mosaïek wat net God kan ontwerp. Elkeen se deel lyk klein, maar saam vorm dit iets groot en mooi wat tot sy eer strek. Dit is wat my die meeste roer – dit is nie net my roeping of jōu roeping nie, dit is ons almal s'n saam. En die bron daarvan is Jesus Christus.

Mag ons met hierdie wete aanhou leef en werk. Mag ons elke dag dapper wees in dit waarvoor Hy ons geroep het: Want aan Hom behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen. ☺

René Roux is die bestuurshoof van media by Solidariteit Helpende Hand.

SMELTOOND

• Desember 2025/Januarie 2026 •

Deur Jaco Kleynhans



Amerika plaas noodsaaklike fokus op Christenvervolging in Afrika

Die vervolging, onderdrukking en grootskaalse uitwissing van Christene in meer as tien lande in Afrika, is niks nuuts nie. Organisasies soos Geopende Deure doen al jare lank verslag daaroor. Verskeie verslae deur Christelike organisasies oor die afgelope paar jaar vertel die skok-verhaal van die aanslag op Christene.

Daar is egter tans niks wat die wêreld se aandag soveel op 'n probleem laat vestig soos 'n uitspraak deur die Amerikaanse president, Donald Trump, nie. Trump se onlangse uitsprake oor Christenvervolging in Nigerië en sy dreigemente van Amerikaanse ingryping indien daar niks daaraan gedoen word nie, het uiteindelik – ná jare se stilte oor die probleem – wel die wêreld se oë hierop begin fokus. Ten spyte daarvan dat die moorde op tienduizende Christene in Nigerië tans deur die hoofstroommedia ontken of ligtelik afgemaak word, het Trump se uitsprake ook duidelike druk op Afrikaleiers geplaas om hierdie probleem aan te spreek.

Trump se uitsprake volg op die wetsontwerp van die Amerikaanse senator van Texas, Ted Cruz, wat vroeg in Oktober in die Amerikaanse Senaat ter tafel gelê is. Daarin word gevra dat die Amerikaanse regering sanksies instel teen Nigeriese regeringsamptenare wat nie die huidige menseslagting teen Christene in dié land probeer verhoed nie. Cruz se Nigeriese Wet op Godsdiensvryheid beklemtoon dat daar tydens die eerste agt maande van 2024 soveel as 50 000 Christene in Nigerië vermoor is en dat dié land se regering nie genoeg doen om dit te verhoed nie.

Cruz het ook op die sosialemedia-platform X geskryf: "Amptenare in Nigerië ignoreer en fasiliteer

sels die massamoord op Christene deur Islamitiese Jihad. Dit is tyd om diegene wat daarvoor verantwoordelik is, aanspreeklik te hou." Cruz is tans voorsitter van die Afrika-subkomitee in die Amerikaanse Senaat.

Volgens Geopende Deure, wat Christenvervolging wêreldwyd monitor, het Nigerië die afgelope paar jaar vir Christene toenemend gevaarlik geword. Tans is sowat 48% van die land se bevolking Christene en aanvalle is veral, maar nie uitsluitlik nie, op Christene gemik. Volgens Geopende Deure is 69% van terreuraanvalle teen Christene verlede jaar in Nigerië uitgevoer. Kerke word op Sondae geteiken met kerkbywoners wat almal voor die voet doodgeskiet word en kerke wat afgebrand word. Afgeleë, plattelandse dorpie met hoofsaaklik Christeninwoners word veral geteiken. Soms word hele dorpe afgebrand, inwoners vermoor en sommige as gyselaars geneem.

Die probleem van die aanvalle in Afrika, hoofsaaklik deur Islamitiese groepe, strek egter veel wyer as net Nigerië. 'n Mens sou selfs sver kon gaan om te sê dat baie meer Christene die afgelope twee en 'n half jaar in die Soedannese burgeroorlog gesterf het. Daar is geen akkurate getalle oor sterftes in dié oorlog nie, maar soveel as 200 000 mense is moontlik reeds in die konflik dood. Die Rapid Support Forces (RSF) wat teen die Soedannese weermag oorlog voer, is 'n Islamitiese ekstremistegroep. Hoewel hulle nie uitsluitlik Christene teiken nie, word gebiede met groot Christenbevolkings disproportioneel geraak. Daar was die afgelope tyd egter in Soedan 'n skerp toename in aanvalle wat spesifiek Christene teiken.

Die RSF het die afgelope paar maande, sedert hy beheer oor byna die hele Darfoer-streek geneem het, predikante op groot skaal onthoof, kerke oorgeneem en dit in oorlogsentrums omskep.

In lande met klein Christenbevolkings in die Sahel-streek, soos Mali, Burkina Faso en Niger, was daar die afgelope paar maande talle aanvalle op kerke. Soos wat Islamitiese terreurgroepe groter en groter dele van hierdie lande begin beheer, word hele gemeentes soms tydens kerkdienste summier doodgeskiet.

Daar was die afgelope paar maande ook 'n skerp toename in aanvalle op Christene, veral op kerke tydens kerkdienste, in die Demokratiese Republiek die Kongo (DRK). 'n Islamitiese terreurgroep, die Geallieerde Demokratiese Mag wat direkte bande met Al-Kaïda het, voer al hoe meer aanvalle op Christene in die noordooste van die DRK uit.

Aanvalle op Christene en kerke in die noorde van Mosambiek neem ook al hoe meer toe. In Oktober is 30 Christene in een aanval deur 'n Islamitiese terreurgroep, die Islamitiese Staat Mosambiek Provinsie (ISMP) onthoof. Sewe kerke is totaal vernietig en duisende Christene is uit hul huise en dorpe verdryf.

Die omvang van Islamitiese terreur in Afrika is iets waaroor daar tans te min in die wêreld gepraat word. President Trump en senator Cruz se uitsprake oor gebeure in Nigerië plaas 'n noodsaaklike soeklig op wat in daardie land, maar ook in talle ander Afrikalande, gebeur. Intussen moet ons bid dat die hernude fokus op Christenvervolging tot beter beskerming vir Christene in Afrika sal lei. ☺



AP KERK DELMAS

Jerigo Oord

Op 7 Oktober het die AP Kerk Delmas, in samewerking met die AP Kerk Grootfontein (Tvl.), weer by Jerigo Oord besoek afgelê. 'n Bybelstudie is aangebied en 'n heerlike ete van pap en wors is aan die inwoners voorsien. Jerigo Oord se inwoners was uit hul hart dankbaar vir die twee gemeentes se liefdesdaad.

Ná die besoek het ons weer 'n boodskap van dankbetuiging ontvang: "'n Groot dankie weereens aan ds. Pieter van Deventer van die AP kerke Delmas en Grootfontein (Tvl.) vir die leersame Bybelstudie en heerlike middagete. Dit word werklik waardeer!"

Francesca Pretorius



Besoek aan Jerigo Oord

KRY VANDAG
nog jou kopie!

R430

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Steinaecker's Horse: 'n Histories-Geologiese rekonstruksie

'n Moet-lees-navorsingsboek vir elke geskiedenis- en kultuurliefhebber wat die verlede wil herleef op die spore wat soldate agtergelaat het

LEWENSREG TE KOOP

SMIRNA Oord
Jy is ryk in Christus

**WONDERLIKE
BESKOSTIGBARE HUISE
TUSSEN JOU EIE MENSE BY
DIE KERK VAN JESUS
CHRISTUS
AP KERK TRANS-MAGALIES**

- Sentrale ligging in 'n gebied met 'n lieflike klimaat;
- Naby hospitale en groot inkoopcentrums;
- Lae heffings.

R 785 000 2-SLAAPKAMER EENHEID.
R 620 000 1-SLAAPKAMER EENHEID.

Vir meer inligting skakel:
📞 Minette - 064 618 5163

ONS NOOI DIE
EERSTEJAARSSTUDENTE
VAN 2026 UIT NA
POTCHEFSTROOM

**PAPJAS
EERSTE
JAARSKAMP**

**25 TOT 30 JANUARIE
2026**

VIR MEER INLIGTING
KONTAK WIAN VAN
TONDER: 081 302 0430

GAAN BESOEK GERUS ONS INSTAGRAM:
PAPJAS AS JY BELANGSTEL

AP KERK MIDDELBURG

Resepte met 'n boodskap

Op Vrydagaand 26 September het die susters van ons gemeente met groot opgewondenheid en onder leiding van Lida Botha, die vrystelling van ons nuwe resepteboek tydens 'n gesellige proe-aand gevier! Die aand was 'n fees vir die sintuie. Die saal was gevul met die heerlikste geure van fynproewergeregte. Die tafels was pragtig gedek en die atmosfeer warm en verwelkomend. Die resepte is voorberei en uitgestal sodat almal dit kon proe en waardeer. Van Ouma se koekies tot die moderne patatgereg – daar was iets vir elkeen se smaak!

Die idee vir die resepteboek het ontstaan uit die behoefte om nie net ons gunsteling beproefde resepte te deel nie, maar ook die stories, gebede en boodskappe wat daarmee saamgaan. Resepte word vergesel van 'n inspirerende boodskap of gebed wat dit meer as net 'n kookboek maak – dit is 'n viering van ons geloof, ons kerkwees en die kosbare oomblikke wat ons deel.

Die belangstelling was oorweldigend. Al die resepteboeke is verkoop en bestellings stroom steeds in! Ons is dankbaar vir elkeen wat bygedra het – met 'n resep, 'n storie of hulp met die reëlings. Mag *Gebede en Gebak* vir elkeen wat dit gebruik, tot seën wees.

Ons groet ...

Met diepe dankbaarheid teenoor ons hemelse Vader dink ons terug aan die lewe van oom Frikkie Grobler. Hy was 'n kind van die Here en 'n geliefde en getroue lidmaat. Vir sy familie, vriende en die gemeente bly daar 'n groot leemte, maar ook 'n ryk skat van herinneringe.

Oom Frikkie se lewe was 'n stil getuigenis van 'n diepe geloof, nederigheid en liefde. In sy rustige geaardheid en opregte omgee het ons die Here se sagmoedigheid raakgesien. Hy het sy medemens met respek behandel en met 'n sagte glimlag vrede gebring waar hy ook al was. Ons dink in liefde aan tannie Janie, sy lewensmaat en troue metgesel van 61 jaar. Mag die Here tannie dra in hierdie tyd van verlies en u met sy ewige vrede vertroos.

Susters: AP Kerk Middelburg



Resepteboek



Oom Frikkie Grobler

ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS

Vakansiewoonstel loopafstand vanaf
die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6),
volledig toegerus met DStv.

Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430

GASTEHUIS IN PRETORIA

2 slaapkamers (slaap 4), kombuis,
1½ badkamer, sitkamer en eetkamer.
Geleë in Newlands, Pretoria-Oos (naby
Menlyn winkelsentrum en baie hospitale).

Kontak Rosi: 078 658 6989



AP KERK MIDDELBURG


Helddag-kranslegging

Op Sondag 5 Oktober het ons oudergewoonte met groot eerbied en dankbaarheid aan die Helddag-herdenking deelgeneem deur kransies ter nagedagtenis aan ons helde op elke graf te lê. Die byeenkoms is geopen met gebed waarna die jongmense 'n kort geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog gelewer het. Oom Johannes van der Walt het interessante geskiedenis van sy familie se grafte op die terrein met ons gedeel.

Die AP Kerk Middelburg is trots om deel van hierdie tradisie te wees. Hierdie betekenisvolle geleentheid het ons herinner aan die opoffering en moed van dié wat hul lewens vir vrede en vryheid gegee het. Deur die verhale van ons helde aan die jonger generasies oor te dra, sorg ons dat hul nalatenskap en die voorbeeld van hul diensbaarheid, dapperheid en opoffering vir nog baie jare voortleef.

Mag hierdie Helddag ons inspireer om nooit hul voorbeeld te vergeet nie. Laat die kransies wat ons neergelê het, 'n simbool wees van ons trots, ons eenheid en die nalatenskap van ons helde – wat steeds in ons harte voortleef.

Hannie Scholtz



Kranslegging



Oom Johannes van der Walt

Bestel jou Kersgeskenke
betyds en spaar 15% op uitgesoekte publikasies

Slegs beskikbaar tussen 1 November en 5 Desember 2025

Lig in Duisternis
UITGEWERS

VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTE TE VOORSIEN.

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

www.volkshulp.org.za

Tel: 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454

Adres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

AP KERK PRETORIA-OOS

Kermis

Ons jaarlikse kermis wat op 30 Augustus plaasgevind het, het lidmate weereens bymekaargebring. 'n Gees van samehorigheid, van saamwerk en saamgeniet, het voor en tydens die kermis geheers. Ons tema vanjaar was "Woes Wes". Sommige van ons lidmate het die tema uitstekend tot sy reg laat kom! Ons dank aan ons hemelse Vader vir so 'n geseënde dag.

Sonkragstelsel

Hoe graag die kerkraad ook al probeer het om beurtkrag te pypkan, het hy besef dat die gemeente nie 'n sonkragstelsel kan bekostig nie. Toe kom die goeie nuus: 'n Lidmaat wil graag 'n sonkragstelsel aan die kerk skenk! So het dit dan ook gebeur.

Van die gemeente se kant aan ons ruimhartige skenker: BAIE, BAIE DANKIE!

Onthou met foto's

Op Dinsdag 5 Augustus het die seniors tydens 'n "onthou-oggend" heerlik saamgekuier. 'n Versameling van foto's het die seniors goed besig gehou – van foto's van die hele groep, vriende, vriendinne, die bestuur, met ouma se hoed, met oupa se pyp tot dié met 'n kleinseun se speelgoedbril ... Daar was ook maskers om van te kies en te keur – enigiets wat gebruik kon word om preffoto's te neem!

Hannah Kotzé



Kermis



Sonkragstelsel



Onthou-oggend

SUIDKUS VAKANSIEWOONSTEL – DOONSIDE

See-uitsig, skoon, goed toegerus met slim-TV en wi-fi. Veilige onderdakparkering agter elektroniese motorhek met 24 uur sekuriteit. Braaigeriewe, swembad, kafee, haarsalon en wassery onder in die gebou. Billike tariewe binne en buite skoolvakansies. **082 390 9465 / lettiefour@gmail.com**

ST LUCIA - Vakansiewoonstel te huur

2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon, veilige parkering (afdak) binne in die kompleks, swembad en braaigeriewe, gratis wi-fi.

SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's

SUIDKUS – MARGATE

Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.

Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922



TEOLOGIESE STUDENTE

Persoonlikheidsontwikkeling

Dit is met 'n hart vol dankbaarheid dat ons hierdie paar woorde rig aan tannie Susan Grobler wat oor 'n tweejaartydperk die sessies oor persoonlikheidsontwikkeling aangebied het. As studente wat onself in die vroeë stadium van roeping en vorming bevind, het ons hierdie sessies buitengewoon waardevol beleef. Tannie Susan se insig, haar geduld en haar fyn aanvoeling vir die unieke roeping van elke student, het 'n diep indruk op almal van ons gemaak. Sy het nie net teoretiese kennis met ons gedeel nie, maar ons ook op 'n praktiese wyse begelei om onself beter te leer ken en om uiteindelik ander ook met groter empatie en begrip te kan dien. Deur haar leiding het ons besef dat persoonlikheidsontwikkeling nie 'n wêreldse of selfsugtige strewe is nie, maar 'n Godgegewe proses waardeur ons gevorm word om beter diensbaar in die koninkryk van God te wees.

Ons wil graag die Kuratorium vir die geleentheid bedank. Ook opregte dankbetuiging aan al die leraars wat teenwoordig was, veral hul eggenotes wat hulle ondersteun het en self 'n tasbare teenwoordigheid van liefde, wysheid en opoffering was. 'n Besondere dank aan oom Tiaan van Dyk, wat waardevolle regskennis met ons gedeel het.

Ons wil ook graag ons opregte dank uitspreek teenoor die susters van die AP Kerk Grootfontein (Tvl.) vir die smaaklike etes wat hulle met soveel sorg voorsien het. Verder bedank ons almal wat finansieel bygedra het sodat hierdie spesiale geleentheid moontlik kon wees.

Ons leer dikwels in die lesingsale van die gereformeerde verstaan van die bediening as 'n lewe van diens, nederigheid en geloof. Geleentheid waar ons met leraars en toegewyde lidmate saam kan verkeer, maak daardie teologiese begrippe lewend en konkreet. Dit herinner ons aan die woorde van Paulus in Filippense 3:17: *Wees ook my navolgers, broeders, en let op die wat so wandel soos julle ons tot voorbeeld het.*

Mag die Here u almal ryklik seën vir die tyd, die liefde en die wysheid wat julle met ons gedeel het. Jul voorbeeld het ons nie net iets geleer oor persoonlikheid nie, maar ook oor die soort leraars wat ons bid om eendag te wees – leraars wat met onderskeiding, empatie en toewyding hul roeping tot eer van Christus en tot opbou van sy kerk uiteleef.

Teologiese studente van die AP Akademie

AP AKADEMIE 2026 AMPTELIKE OPENING EN TEOLOGIESE DAG

AMPTELIKE OPENING

Hiermee 'n hartlike uitnodiging na die erediens op **Sondag 25 Januarie 2026 om 18:00** in die AP Kerk Pretoria-Oos. Die erediens sal gelei word deur die rektor van die AP Akademie, prof. Gerrit Smit.

TEOLOGIESE DAG

Die Fakulteit Teologie nooi predikante, teoloë en belangstellendes uit na die jaarlikse Teologiese Dag: **Maandag 26 Januarie 2026 om 08:30** by die AP Kerk Grootfontein (Tvl.).

Die dag word ingerig in samehang met die beoogde verskyning van die publikasie, *Ester*, met die tema onder bespreking: "Kroon en kruispad: Die belang van die boek Ester vir gelowiges in vreemde omgewings."

Doel van die dag

Om predikante en teoloë te begelei in die verdieping van hulle verstaan van die boek *Ester* deur middel van historiese interpretasie, etiese refleksie, homiletiese toepassing en praktiese voorbeelde vir bediening en onderrig.

Gasvrye uitnodiging

Leraars én lidmate uit ander kerkverbande wat die Here en sy onfeilbare Woord liefhet, is welkom om die dag by te woon.

Ná-program

'n Gesellige spitbraai word vanaf 18:00 op die terrein van die AP Kerk Grootfontein aangebied. Besoekers van ver kan gerus reël om in Pretoria oor te bly om sowel die erediens as die Teologiese Dag by te woon.

Registrasie en navrae
ontvangs@apa.ac.za

AP KERK KLERSKDORP

Hoogtepunte

Wat 'n wonderlike voorreg was dit om die volgende hoogtepunte van 2025 te kon meemaak!

Op 19 Mei het ds. Johan Gericke vier broeders as kerkraadslede bevestig. Wat die geleentheid so besonders gemaak het, is dat br. Ricardo Meyer in 2024 belydenis van geloof afgelê het en op 17-jarige ouderom in die amp van diaken bevestig is.

Op Sondag 26 Oktober het drie finalejaarkatkinsante belydenis van geloof afgelê. Ons verwelkom Zané Mollentze, Jayden Jooste en Estiaan Smit as lidmate van die gemeente. Ons bedank ds. Wessel Swart van Orkney wat die geleentheid vir ons waargeneem het. Hy is onlangs deur die Kuratorium tot die amp van predikant van die AP kerkverband toegelaat.

Johann Rossouw



V.l.n.r.: Zané Mollentze, Jayden Jooste, Estiaan Smit




V.l.n.r. (agter): Gerhardt Botha, Frik de Klerk, Peter Zeilhoffer, Johan Wehl (jnr), Ricardo Meyer, Stiaan Hough, Pieter Venter, Johan Wehl (snr), Bernie de Klerk, Jaco Linde. V.l.n.r. (voor): Faan Burger, Christi Hough, ds. Johan Gericke, Johann Rossouw, Roelf Lindeque.

NOU BESKIKBAAR

R165

Lig in Duisternis
UITGEWERS




Voeg by JULLE GELOOF ...

366 dagstukkies | 12 deugde | Een jaar van groei



BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE: NOVEMBER 2025 (BL. 16)





Paul Kruger – 200 jaar later

– Dr. Pieter Mulder



Vanjaar is dit presies 200 jaar ná president Paul Kruger se geboorte. Min mense weet dat hy in 1899 genomineer is vir die Nobelvredesprys.

In daardie tyd het die Noorweegse Parlement die verskillende kandidate vir die Vredesprys oorweeg. Leiers van die stad Uppsala het Kruger genomineer en hy is deur leiers van Jönköping gesekondeer. 'n Komitee van vyf lede is aangewys om die saak te ondersoek en 'n aanbeveling te maak.

In dieselfde tyd het daar 'n vredeskonferensie in Den Haag plaasgevind wat internasionale reëls vir vrede probeer saamstel het. Al die groot moondhede was daar. Die twee Boererepublieke, die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) of Transvaal van president Paul Kruger en die Republiek van die Oranje-Vrystaat van president MT Steyn, het amptelike skrywes gerig om die konferensie by te woon. Brittanje, die destydse supermoondheid, het dit teengestaan omdat hy besig was om 'n klimaat vir oorlog teen hierdie republieke te skep. Daarom het hulle druk op die Noorweërs gesit om nie die Vredesprys aan Kruger toe te ken nie.

Kruger word deur baie as die grootste Afrikanerleier van die laaste twee eeue beskou. Die Skandinawiërs se motivering vir die Nobelvredesprys aan Kruger was sy jare lange bekwame staatsmanskap onder moeilike

omstandighede, sy internasionale status en sy vredemaakvermoë.

As jong seun het Kruger die Groot Trek meegemaak. As 11-jarige trotseer hy in 1836 by Vegkop saam met 35 Voortrekkers die aanval van 'n Matabelemaag van tussen 3 000 en 5 000. As 12-jarige oorleef en onthou hy die moorde by Bloukrans. In gesprekke en toesprake daarna verwys hy gereeld na watter hoë prys die Voortrekkers in bloed vir hul vryheid moes betaal.

In 1852 is hy as 27-jarige jongman teenwoordig met die ondertekening van die Sandrivierkonvensie tussen die Britse regering en die Voortrekkerleiers. Daarmee het Brittanje die onafhanklikheid van die gebied noord van die Vaalrivier amptelik erken. Die Voortrekkers se doel met die Groot Trek, naamlik 'n eie, vrye republiek, is hiermee bereik. Nou was hul vryheid gewaarborg en was die hoë prys nie verniet nie. Teen hierdie agtergrond verstaan 'n mens Kruger se weerstand en woede toe Brittanje die Sandrivierkonvensie blatant verbreek. Dit lei in 1880 en 1899 tot die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë.

Toe goud in 1886 in die ZAR ontdek is, ignoreer Brittanje die Sandrivierkonvensie in sy ywer

om die ZAR se goud te verkry. Nadat Kruger alles gedoen het om oorlog te probeer vermy, sê hy aan die Britse onderhandelars: "Julle wil nie stemreg hê nie, maar my land."

Dikwels word gevra of Kruger nie kortsigtig was om Brittanje, as destydse supermoondheid, die stryd aan te sê nie. Sy verduideliking was: "As 'n man met 'n knipmes gewapen is, en jy gaan val 'n leeu daarmee aan, dan is jy 'n dwaas. Máár – as 'n leeu 'n man aanval en die man het net 'n knipmes by hom en hy verdedig hom nie daarmee nie, dan is hy 'n lafaard."


Kruger het met groot geduld die verskillende Afrikanergroepe wat elk 'n eie republiek wou stig, bymekaargebring om so eenheid in die ZAR te kry. Daarna speel hy 'n prominente rol om die ZAR van 'n agterlike, arm staatjie tot 'n moderne, wêrelderkende staat te ontwikkel. In Pretoria was daar nou ambassadeurs van al die destydse groot moondhede.

Sy besondere staatsmanskap blyk uit die feit dat hy 'n nuwe staatsdiens, regstelsel en ekonomie suksesvol kon vestig sonder enige vooraf opleiding. Hy was verstandig genoeg om Nederlanders met staatsdienservaring hiervoor te werf. Daar is gepraat van



Kan ons Christus se werk ooit ten volle begryp?

Hannekie Verwoerd



Elke Christenouer wil hê dat sy kind tot geloof in Jesus Christus kom. Daar is stappe verbonde aan hierdie proses. Een van die eerste stappe is sondebeseft. Sonder insig in ons eie harte en die probleem van die sonde, maak Jesus se menswording en offer aan die kruis baie min sin. En tog, hoewel die meeste van ons sy soendood leerstellig kan verduidelik, gebeur dit dikwels dat ons kopkennis nie harts-kennis word nie. Gevaarlik!

Ons wil ons kinders nie net met kopkennis begelei om agter ons aan te bely nie. Ons hoop op transformasie wat net deur die Heilige Gees bewerkstellig kan word – daardie “sien in die hart” wat maak dat jy iets van jou sondige aard beseft en aanvaar.

Sien in jou hart ... Moeilik!

As 'n mens in een-tot-een-situasies met kinders werk, word jy dikwels 'n vertroueling wat heelwat meer van 'n betrokke gesin se wel en weë te hore kom as wat die ouers beseft. As spraakterapeut beywer ek my nie daarvoor om 'n biebmoeder te wees nie; dit gebeur maar so vanself dat die kind met ontboesemings vorendag kom.

So gebeur dit dat 'n kliënt my een oggend effe neerslagtig groet en met die deur in die huis val: “My oupa sê my pa is 'n slegte

man.” Toe die woorde eers uit is, kom die verontwaardiging: “My pa is 'n goeie man! Hy is nie sleg nie!”

Nou moet ek mooi trap. Ek is geneig om 'n bietjie meer soos die oupa te voel. Die kind se pa het immers net die week tevore weer 'n keer 'n kar afgeskryf omdat hy onder die invloed was.

Maar vir kwessies rondom goed en sleg is daar net een plek om te gaan. “Ken jy die Here?” vra ek toe, waarop ek 'n bevestigende antwoord kry. “Weet jy dat die Here in die Bybel vir ons sê dat alle mense sleg is. Dat daar niemand is wat goed doen nie?” Meer verontwaardiging! (Wat 'n wonderlik eerlike reaksie, het ek agterna gedink.) “Ek is nie sleg nie! Ek is goed!” gee hy te kenne. Ek antwoord: “Ek weet dit voel vir jou so, maar as jy regtig in jou hart kyk, sal jy sien dat jy nie goed doen nie, maar sleg.”

Net daar beproef hy my stelling. “Wat op aarde gaan nou met jou aan?” vra ek geskok toe ek trakteer word op onaardse steune en kreune met 'n bypassende bloedrooi gesig. 'n Groot worsteling speel hom langs my terapietafel af. “Ek probeer in my hart kyk,” kom die antwoord. “Dis moeilik om in jou hart te kyk!”

Daar slaan hy toe die spyker sekuur op die kop. 'n Groot deel van ons sondeprobleem is dat,

hoewel ons weet hoe om van ons sondeskuld ontslae te raak, ons nie genoeg insig in die omvang van die probleem het nie. Ons kan nie in ons harte kyk nie. Daarvoor het ons die werking van die Heilige Gees so baie nodig.

Bid!

Soos wat ons eie kinders ouer word, beleef ek toenemend die dringendheid van my voorbeding vir hulle, want in al hoe groter mate beseft ek die effek wat my eie sonde en tekortkominge op hulle het. As dit van ons eie pogings afhang, is ons kinders reguit die verdoemenis in. Dit is 'n waarheid wat ons moet omhels – nie sodat ons in sak en as kan gaan sit oor ons eie onvermoë nie. Nee! Sodat ons die grootheid van God se verlossingsplan beter kan insien en in die heerlikheid van sy rus kan ingaan. Ook wat ons kinders se redding betref.

Moet ons net bid en niks verder doen nie? Natuurlik nie. Die Bybel is vol raad oor kinderopvoeding. Ouers het 'n verantwoordelikheid om kinders se karakters te vorm en om die dwaasheid van hul sondige harte in te sien.

Sien die sonde agter 'n oortreding

Gestel jy het 'n slordige seunskind. Sy vuil klere lê knaend op die kamervloer rond en hy pak nooit

sy skoon klere netjies in sy kas weg nie. Dis 'n bron van gedurige konflik – jy vra mooi, dring daarop aan, raas, raak moedeloos, gooi jou hande in die lug, trek jou hare uit jou kop, maar dit het min effek. Natuurlik moes jy al lankal opgetree het, maar jy sit self met 'n sondeprobleem – lui, selfsugtig, liefdeloos, ongehoorsaam aan die Here. Daarom is dit vir jou so moeilik om tot aksie oor te gaan en die seun liefdevol te dissiplineer.

Dit voel soms of ons 'n berg van 'n molshoop maak wanneer ons ons kinders oor sulke alledaagse sake soos wasgoed wegpak moet tugtig. Dis egter 'n

gulde geleentheid om jou kind te help om in sy hart te kyk. Waarom is dit vir hom so moeilik om gehoorsaam te wees? Want in sy hart der harte is hy eiewillig. Hy het 'n weersin daarin om sy wil na die gesagsfiguur in sy lewe te buig. Sy onvermoë om Ma se opdragte te gehoorsaam, weerspieël sy opstandige hart. Hy is heel waarskynlik nie bewus daarvan nie. Hy handel sonder om te dink en 'n goeie gesprek oor die oorsprong van sonde gaan hom aan die dink sit.

Gaandeweg gaan hy begin beleef hoe daardie opstandigheid keer op keer terugkeer. Op pad

saam met 'n liefdevolle ouer wat telkens op die oorsprong van die sonde – die hart – wys, help ons ons kinders om te begryp dat hulle hopeloos verlore is. Nes ons, is hulle sonder Christus tot niks goeds in staat nie.

As ouer beleef ek hoe ek langs my kind kom stap – ons het immers met dieselfde soort probleme te kampe. En dan kry Kersfees 'n ander kleur. Die menswording van ons Here Jesus Christus ter wille van die verlossing van ons sondige harte, begin dan vir ons en ons kinders 'n veel dieper betekenis kry. Loof die Here! ☺

◀ Vervolg vanaf bl. 30

Paul Kruger – 200 jaar later

“Kruger se Hollanders”. Met net drie jaar skoolonderrig het Kruger nie 'n duim teruggestaan vir die meerderwaardige Britse staatsmanne nie. So onderhandel hy meer as een keer met hierdie Oxford- en Cambridge-gegradueerdes. Talle staaltjies word vertel oor hoe hy moeilike probleme met eenvoudige “Boerewysheid” kon oplos.

Kruger het, ongeag al die negatiewe propaganda oor ons verlede, goeie verhoudinge met die meeste swart stamme gehandhaaf. Hulle het hom Mamelodi genoem, want hy kon fluit en voëlgeluide baie goed naboots. Vandag is Mamelodi 'n groot woonbuurt in Pretoria.

Die Royal Bafokengstam se rykdom vandag kan regstreeks na Kruger se samewerking en hulp ten opsigte van grond herlei word. So is die Kruger Familiebybel tydens die Tweede Vryheidsoorlog aan opperhoof Magato se stam

van Rustenburg oorhandig. Hulle het dit vir die Krugergesin veilig bewaar om dit so uit die hande van die Britte te hou. Dit sê iets van verhoudinge.

Kruger het ook gehelp dat die Volksraad in 1887 'n beurs toeken aan twee van opperhoof Magato se skrandere seuns, Bloemhof (16) en Paul (14), om in Nederland te gaan studeer. Die doel was om hul leierseenskappe te ontwikkel sodat hulle in die toekoms bekwame leiers van die Bafokeng kon wees.

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog word Kruger soos 'n held in Europa ontvang. Sy besoek was om hulp vir die oorlog te vra. Verskeie toekennings en van die hoogste ordes is aan hom toegeken. By een geleentheid, op 22 November 1900, verwelkom sowat 130 000 mense hom by die Franse hawestad Marseille. In Den Haag is hy amper as 'n soort “mitiese god” ontvang en die

hoteleienaar moes op 'n openbare funksie 'n kennisgewing by Kruger plaas met die versoek dat die gaste hom nie aanraak nie!

Ná die oorlog eindig Kruger alleen in Switserland. “Gebore onder die Engelse vlag, wens ek nie daaronder te sterwe nie,” skryf hy as banneling uit die vreemde. Hy bly kinderlik gelowig tot sy einde, nieteenstaande al die terugslae en teleurstellings tydens sy lewe. Hy bly ook steeds positief oor die Afrikaner en sy toekoms in sy laaste boodskap.

Ná sy afsterwe bring die Franse hulde aan hom met die boodskap: “Die leier van 'n klein volk wat staan vir 'n groot idee.” Hierdie “groot idee” is die vryheid van sy “Afrikaanse volk”, soos hy hulle noem.

Vandag bly Paul Kruger 'n simbool van Afrikanervryheid en dat ons nie vir onderdanigheid gemaak is nie – nóg onder die Britte, nóg onder die ANC. ☺



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

Word **DEEL** van die Solidariteit Helpende Hand **FAMILIE**

www.ondersteunons.co.za



#WELSTAND

Verseker welstand deur werksyn in en deur ons gemeenskap.



**Onafhanklike, Afrikaanse
inhoud in elke huis.**



LUISTER HIER

Luister op DStv-kanaal 887 of op www.pretoriafm.co.za

Ware vrede!

“Bewaar die vrede,” roep die ou moeder uit terwyl haar twee kinders stry.
“Maak vrede,” raas die onderwyser terwyl die twee leerlinge baklei. Almal soek vrede maar min mense besef wat ware vrede is.

Volgens *HAT* word vrede as ’n toestand van kalmte en rus beskryf. Met ander woorde, vrede is waar daar geen konflik is nie. Om vrede te hê, beteken om in harmonie met ander mense te leef. Kom ons kyk wat leer die Bybel oor ware vrede.

OU TESTAMENT

Die Ou Testament is oorspronklik in Hebreeus geskryf. Die Hebreeuse woord vir vrede is *shalom*. Hierdie woord is baie belangrik in die Ou Testament, want dit verwys na die soort verhouding wat die volk moes hê. Hulle moes in vrede met mekaar leef (vgl. Gén. 37:21), maar hulle moes ook in vrede met die volke rondom hulle geleef het (vgl. 1 Kon. 5:12). Die belangrikste verhouding waarin die volk vrede moes soek, was hul verhouding met God (vgl. Ps. 85:9).

Shalom beteken meer as net wêreldse vrede. In die Ou Testament word die volk deur God geroep om geen konflik met Hom te hê nie. Daar moes harmonie tussen God en die mens wees. Deur die sonde waarin die volk volhard het, was daar nie ware vrede nie, maar eerder vyandskap.

In Levitikus 26:6 leer die HERE dat Hy vrede in die land sal gee. Dit was nie die volk wat deur hul eie krag vrede moes soek nie. Net God kan ware

rus en kalmte bring. Daarom het Hy in die Ou Testament belowe om sy Messías te stuur wat ware vrede na die sondige mens sal bring.

NUWE TESTAMENT

Die Nuwe Testament is in Grieks geskryf. Die Griekse woorde vir vrede word verbind aan die werk wat Jesus Christus kom doen het. In die Nuwe Testament word ons geleer dat ware vrede aangebreek het toe Christus gebore is. In Lukas 2:14 het die engele gesing: *Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!* Die engele bring 'n goeie boodskap na die volk van God. Jesus is die Messías wat God in die Ou Testament beloof het om ware vrede tussen Hom en die mens te bewerk.

Omdat die sonde in die mens se hart heers, is daar vyandskap tussen hom en God. Christus bring versoening. Die sondige mense het geen vrede met God gehad nie. Christus bring ware harmonie.

Ware vrede is daarom 'n geskenk van God. Vrede is nie iets wat die mens self kan vind nie. Die sondige hart soek nie vrede met God en die naaste nie. Die Bybel leer dat die mens van nature geneig is om die verkeerde te doen. Ware vrede word uit God se genade aan ons geskenk.


In Johannes 14:27 sê Christus: *Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie ...* In die wêreld was daar nog altyd 'n valse vrede. Die valse profete in die tyd van Jeremia het die volk met 'n valse vrede en voorspoed gerusgestel (vgl. Jer. 23:17). Die sondige wêreld soek vrede, maar sal dit nooit buite God vind nie.

In die stad van Dawid word die Saligmaker gebore. Jesus Christus, wat self God is, het waarlik mens geword. Hy word gebore om onder sondaars te kom wandel. Op aarde het Christus ons geleer dat ons in Hom kan rus (Mt. 11:28-29). Aan die kruis betaal Christus vir alles wat konflik tussen God en mens veroorsaak.

In Jesus Christus kom ware harmonie. In Jesus Christus alleen word die verhouding met God weer in vrede herstel. In Jesus Christus, die Seun van God, het ons ware hemelse vrede met die Here en wie hierdie vrede het, kan ook in vrede met ander mense saamleef.

Groete, ds. Emilè

EN toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is, in
die dae van koning Herodes, het daar wyse manne
uit die Ooste in Jerusalem aangekom (Mt. 2:1)





'n Krip in 'n stal



In Kersgesang 156 sing ons: “In die stad van koning Dawid ... in 'n krip lê daar 'n Kindjie ...” In die volgende Kersgesang sing ons ook van “daardie Kindjie, need'rig in die krip”. Die pragtige Kersgesang 160 vertel van die “krip en Maria met die Kindjie by haar”. In Lukas 2 vers 7 lees ons dat Maria haar eersgebore Seun in doeke toegedraai en Hom in die krip neergelê het, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.

Die “stad van koning Dawid” is natuurlik die dorp Betlehem in Judéa se berge, ongeveer 10 km vanaf Jerusalem en omtrent 775 m bo seespieël.



Josef en Maria het vanaf Násaret, 'n klein en onbelangrike landboudorpie in Galiléa, te voet na Betlehem gereis. Die roete het hulle verby die omgewing van Megíddo, Samaría, Sigem, Lebóna, Rama en Jerusalem geneem. Dit was 'n baie lang pad – ongeveer 130 km. Dit sou hulle tot 'n week en langer geneem het om in Betlehem aan te kom.



Die woord wat in die Bybel vir “krip” gebruik word, kan ook “stal” beteken. In die tyd van die Bybel was ’n stal ’n plek waar diere soos vee aangehou is. Dit was gewoonlik in ’n grot naby die woonhuis of op die grondvloer van ’n dubbelverdiepinghuis.

Binne-in die stal was daar ’n krip of voerbak waaruit die diere geëet het. Die Bybel beskryf nie presies hoe krippe gelyk het nie. Krippe wat deur argeoloë gevind is, was uit klip gekap en miskien sou sommige ook van hout gemaak gewees het.


Maria en Josef het heel waarskynlik in Betlehem in ’n stal gebly wat op die grondvloer van ’n huis was. Daar was baie mense in die dorp, want almal moes na hul geboortedorpe gaan om getel te word en die stal was die enigste plek wat nog beskikbaar was. Josef en Maria moes juis na Betlehem gaan omdat Josef uit die geslag van Dawid was. Daar is die Here Jesus gebore en daar is Hy in ’n krip neergelê.

’n Tipiese Joodse huis gedurende die tyd van Jesus se geboorte



Met Josef en Maria se aankoms in Betlehem, kon hulle geen blyplek kry nie. Daarom het hulle uiteindelik in die stal beland. Hieruit leer ons die volgende: Ons is nie verseker van 'n gerieflike en gemaklike lewe as ons God se wil doen nie, maar ons het wel die versekering dat selfs die ongerief en ongelukkigheid van ons omstandighede, betekenis in God se plan het. (Sien: Die Bybel in Praktiek: Lukas 2)

GEBEURE RONDOM JESUS SE GEBOORTE



DWARS

1. Goeie boodskap van blydschap (Lk. 2:10)
3. Waarmerk, wegwys (Lk. 2:12)
7. Geregistreer (Lk. 2:1)
8. Die geboortetyd is verwesenlik (Lk. 2:6)
10. Dekreet van die keiser (Lk. 2:1)
12. Iedereen (Lk. 2:3)
14. Skielik, onverwags (Lk. 2:9)
15. Hy vind slaapplek in 'n krip (Lk. 2:16)
18. Skaapwagters in Judéa (Lk. 2:8)
20. Behou, beskerm (Lk. 2:19)
21. Weefstof (Lk. 2:7)
24. Bepeins jou hart (Lk. 2:19)
25. Naam van die keiser (Lk. 2:1)

AF

2. Gebied in Palestina (Lk. 2:4)
4. Hemelwese van God (Lk. 2:9)
5. Veediere wat opgepas moet word (Lk. 2:8)
6. Josef se verloofde (Lk. 2:5)
9. Welgevalle, goeiddunke (Lk. 2:14)
10. Stad van Dawid (Lk. 2:4)
11. Angs en bekommernis (Lk. 2:9)
13. Legio van engele (Lk. 2:13)
15. Staatshoof (Lk. 2:1)
16. Inwoner van Násaret in Galiléa (Lk. 2:4)
17. Weidingsgebied vir die skape (Lk. 2:8)
19. Goewerneur van Sírîë (Lk. 2:2)
22. Romeinse provinsie suid van Samaría (Lk. 2:4)
23. Innerlike menswees (Lk. 2:19)



Van krip tot kruis

Ds. Emilè Trollip

Ons ken die gevoel van opwinding wanneer Kersfees naderkom. In die kerk begin ons Kersliedjies sing, die skole sluit en almal is in 'n vrolike vakansieluim. Die saamkuier met die familie en al die lekker kos maak Kersfees iets om na uit te sien. Die belangrikste rede waarom ons Kersfees vier, is egter omdat ons onthou dat Jesus Christus gebore is.

Elke jaar vier ons die geboorte van Jesus Christus. Met Kersdag dink ons terug aan daardie dag toe die Here Jesus mens geword het. Dit was 'n baie belangrike dag vir die kerk, want Jesus is nie maar net 'n mens nie, maar is self ook waarlik God: God het mens geword.

Op Oukersaand lees ons gewoonlik saam met die familie die verhaal van Jesus se geboorte.

Op Kersdag sal die dominee weer die verhaal gedurende die Kersdiens vertel. Ons ken dit baie goed.

Ons lees hierdie verhaal in Lukas 2. Daar word vertel hoe keiser Augustus beveel het dat daar 'n sensus gehou moet word. In 'n sensus word al die mense in 'n land getel. Omdat Josef uit die stam van Dawid was, moes hy van Násaret na Betlehem gaan om ingeskryf te word. Daar in Betlehem skenk Maria geboorte aan Jesus.

Al die kinders ken die verhaal baie goed: ... *en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie* (Luk. 2:7). Die baba Jesus word in 'n nederige krip neergelê.

Wanneer mense hierdie verhaal met Kersfees vertel, laat hulle dit so oulik klink. Ons sien in ons gedagtes hierdie pragtige stal en krip onder die sterreprag. Ons sien hoe die wyse manne en herders daar voor die krip in aanbidding met hul geskenke neerbuig. Dit klink soos 'n sprokie.

Dit is 'n lieflike verhaal, maar die krip was deel van Jesus se vernedering. Hy is die Koning van die wêreld. Konings se kinders word gewoonlik in paleise gebore. Konings se kinders word in die duurste bedjies neergelê. Hier is die Koning van alle konings en Hy kry 'n krip.

Dit leer vir ons dat Jesus, as Koning van die heelal, nie soos aardse konings is nie. Hy kom as 'n nederige Koning. Hy het nie gekom om in paleise te wandel nie, maar om onder sondaars te woon. Hy het gekom om die kinders van God te versamel, en nie rykdom nie.

Uit hierdie eenvoudige krip leer ons dat die Here Jesus dit nie as iets minderwaardig geag het om mens te word nie. Sy nederige geboorte herinner ons aan die liefde en sagmoedigheid wat Hy op aarde aan mense sou bewys. Die krip leer ons van die lieflike plan van God se verlossing.

Selfs in die Ou Testament het God ons geleer dat die Messias 'n nederige koning gaan wees. In die boek Miga sê Hy vir die Jode wat hulle kan verwag: *En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid* (Miga 5:1).

So word Jesus gebore soos God gesê het. As kinders van God moet ons na die krip kyk en van die wêreld vergeet. Kersfees gaan nie oor rykdom of 'n vakansieluim nie. Kersfees leer ons van God se oneindige liefde. God se Seun is in 'n krip gebore en het uiteindelik aan 'n kruis gesterf en uit die graf opgestaan. Daardeur word ons verlos.

Mag hierdie gedagte ons harte van opwinding laat bokspring wanneer Kersfees naderkom.

